God Wat Hom In Eenvoud Verberg

Dankie, broer. Goeienaand. Dis 'n voorreg om hier te wees, vanaand, in hierdie goeie tyd van gemeenskap. Lyk net so werklik, om die getuienisse te hoor van ander mense wat hierdie goeie seëning ervaar, waarvan ons vanaand ons ondervinding deel. En nou wil ek, ook, Broer Shakarian bedank, en baie die . . . hierdie Broer Danny, en soveel ander wat hier is, dat ek nie hulle naam kan noem nie, om my uit te nooi na hierdie mooi tak hier by—by Albuquerque.

2 Ek dink dat as ons sou, somtyds, by die vestiging van julle volgende tak, as julle iemand sou instuur, en soort van rondgaan deur die kerke, 'n klein herlewing, hulle kry om te bid, en te wag, en onder verwagting in die kerke, en die Gees van God heel aan die beweeg, en dan in een van hierdie inkom, dan het jy net regtig iets. Ons . . .

Julle het 'n potensiaal hier. Julle—julle het 'n paar goeie mense.

3 Ek vind, oral waar ek gaan, ek het rondgegaan, nogal heelwat nou, in die laaste paar jaar, om, om die wêreld, gepreek. En ek vind uit, oral, het God goeie mense in hierdie wonderlike ondervinding. Ek gaan ver in die oerwoude in Afrika in, en Indië, en die eilande, ek vind mense wat nie eens weet wat is regter- en linkerhand nie; het nog nooit die Naam van die Here Jesus gehoor nie; weet niks Daarvan af nie, glad nie. En die snaakse ding, wanneer hulle die Heilige Gees ontvang, tree hulle net so op soos julle net nou maak. Sien? Hulle . . . Jy kan sien dis—dis iets werkliks. En God het hulle lief, genees hulle.

4 Nou, hierdie sakemanstak, dis die enigste ding waarby ek geaffilieer is, wat organisasie van die wêreld betref. Dis vanweë, ek was eens die . . .

5 Het hier gesit, ek en Broer Crow, gepraat oor ons Baptiste agtergrond. Ek is georden, 'n Sending Baptiste kerk. Maar toe, natuurlik, toe die ondervinding aankom, van die Heilige Gees, wel, het dit dit net nou afgehandel. En so ons . . . Niks teen daardie broers daarin nie. Daar's sommige goeie manne daar in daardie plek, en onder al die kerke, die denominasies. Maar ons waardeer hulle grootliks.

6 Dit was vir my 'n wonderlike tyd. Hierdie Sakemanne was die ding wat ek . . . het my 'n plek gegee om vanaf te praat.

7 Nou, toe ek die naam "pinkster" gehoor het, wel, ek het die naam gehoor, en hulle het vir my gesê: "Dit is 'n klomp holy-rollers wat heen-en-weer oor die vloer rol, slobber en—en alles." Maar ek—ek het uitgevind dat dit nie so is nie.

8 En toe, maar toe ek kom, tussen hulle geraak het, was hulle—was hulle verbrokkel en soveel verskillende organisasies as wat ons Baptiste was. Net, hulle was net . . . ek het gedink hulle net een groep. Maar ek het kom uitvind, daar's net alle soorte groepe, struwel met mekaar net omtrent so erg soos ons Baptiste en die res van ons. En ons is maar omtrent net so.

9 En toe—toe, in plaas van in te kom en aan te sluit of by die Gemeentes, of die Verenigde, of die kerk van God, en al daardie baie goeie manne, al die groepe, het ek maar tussen hulle gestaan, en gesê: "Ons is broers. Moenie argumenteer, met mekaar nie." Nou, as Satan ons met mekaar aan die veg kan hou, hoef hy nie te veg nie. Sien? Maar wanneer ons ons gewere op hom rig, en weg van mekaar af, mekaar gaan begin liefhê, gemeenskap hou met mekaar, dan sal die Millennium begin.

10 Maar dit was my doel. En die Christen Sakemanne se Volle Evangelie groep hier was vir my 'n oase gewees, om byeen te kom. Want, en hulle borg baie van my dienste. En op hierdie wyse die—die . . . Hulle mense, om nie beskaam te staan nie, moet inkom, julle sien, so dit—dit het 'n groot ding vir my gedoen hier in hierdie nasie, in hierdie Verenigde State.

11 Nou, die 5de, 6de, ek weet dat ek . . . Is dit in orde om iets te sê oor die diens? ['n Broer sê: "Sekerlik—Red.] Ja. Daar was die 5de, 6de, en 7de; 5de, 6de, 7de en 8ste Junie, het ons 'n veldtog by Tucson, by die plek waar hulle die ban- . . . Sakemanne se banket hou. ["Ramada Inn."] Ramada Inn. Dit het sitplek vir omtrent vyf-en-twintig, vyf-en-dertig honderd, alles lugversorgd.

12 En nou, as 'n spreker, enigeen wat my ken, weet dat ek nie 'n spreker is nie. Ek het net 'n—'n laerskoolopvoeding, en dis 'n kleintjie. Ek het net tot by die sewende graad gevorder. En dus ek, in soverre te sê: "'n prediker," weet julle ek is nie. Maar ek maak maar net 'n vreugdevolle geluid vir die Here, en probeer dan met ander deel wat ek oor Hom geleer het.

13 My roeping in die lewe is gebed vir die siekes, om te bid vir die siekes. Dis waarmee die Here my geseën het, groot dienste, mense te lei. Grootste getal wat ek ooit op een slag in een enkele diens gehad het, was in Bombaai, vyfhonderd duisend by een diens.

14 En dan, Afrika, meen ek, as ons die bekeerdes sou tel onder kombersdraers, heidene, het nie geweet watter is regter- en linkerhand nie, het dertigduisend van hulle op een slag gehad, neem Christus as Verlosser aan, op een slag. Oor 'n kreupel, blinde seun, wat verstandelik nie eens reg was nie, die vyfde persoon op die platform. En toe die Heilige Gees . . .

15 En ek het mediese dokters gesien, soos hierdie goeie mediese dokter, 'n paar oomblikke gelede. As ek in hierdie stad was, en siek, en ek moes mediese versorging hê, sou ek 'n man soos daardie aan my wou laat werk, een wat in God glo. As ek sy bystand van medisyne moes hê, sou ek sekerlik 'n man wou hê wat so in God glo. 'n Ware . . . Julle kan hier van geluk spreek, in die stad, om so 'n dokter te hê, 'n ware Godsuresende man, wat God vertrou vir Sy hande in snykunde, of wat hy ook al doen. Ek—ek het vertroue in so 'n man. Ek het mediese dokters na vore sien kom en—en hulle harte aan Christus gee, en sendelinge word daar in die oerwoude. En ek—ek waardeer dit sekerlik.

16 Nou hier, en tuis in Amerika, reis ek rond, hou 'n genesingsdiensie, bid vir God se siek kinders. En ek waardeer die geleentheid, soveel.

17 So as julle in, in die omgewing, naby Tucson is, Junie die 5de, 6de, 7de en 8ste, die tak daar sal dit nou borg, sover ons weet. En al die Gemeentes van God, ek dink daar's vyf of ses, sewe Gemeentes van God. En baie van die ander, kerk van God, ensovoorts, hulle kom almal in vir 'n gesamentlike gemeenskap vir hierdie byeenkoms. Nou, as julle . . . as . . . Ek dink dit is geadverteer. ['n Broer sê: "Dis weer daar in Ramada Inn."—Red.] Die Ramada Inn is waar dit sal wees. Broer Stromei, ek—ek weet nie hoe om dit te spel nie, maar hy's 'n . . . Julle sien dit in *The Men's Voice* daar. Hy kan julle meer daaroor inlig, met die verloop van tyd.

18 Ek gaan nou, direk, na Alaska toe, om 'n tak te organiseer daar by Anchorage.

19 En so gaan ek dan op na die Yukon toe, omtrent nog 'n week of tien dae, en op na die klein verweg plekkies. Waar, predikers, soos groot manne, soos Broer Oral Roberts en Tommy Osborn, en sommige van daardie manne wat daardie groot uitstaande bedienings het, hulle kan nie by daardie plekke uitkom nie. Hulle—hulle kan dit nie bekostig nie. Hulle kan nie soveel tyd afstaan nie.

20 Wel, ek het probeer om hierdie bedieninkie wat die Here my gegee het, nederig te hou. Ek—ek—ek maak nie . . . Ek het nog nooit in my lewe 'n offergawe opgeneem nie. Ek—ek—ek het geen programme om te borg nie. Ek—ek het niks om te verkoop nie. Ek—ek—ek wil dit net so probeer hou, as—as die Here wil hê ek moet vir tien gaan preek, dat ek kan gaan. En as Hy wil hê ek moet oorsee gaan, sal Hy dit borg. So ek kan enige plek gaan waarheen Hy my lei. Ek—ek hou soort van daarvan so. En ek hoef nie 'n klomp geld, of niks, te hê nie. Ek wil net die seëninge van die Here hê. So bid julle net vir my, as julle so goed sal wees. Dis, ek het gedink toe ek . . .

21 Nie lank gelede nie, is ek uitgenooi deur ons kosbare, moedige siel, Broer Oral Roberts. Ek het daar in sy plek gestaan.

Ek meen hy het gesê dit het omtrent driemiljoen dollar gekos, die gebou of iets. O, goeiste! Ek was in Hollywood, en ek het vir Koning George gebid in die paleis, en Gustav daar in Swede, en verskillende plekke, en ek was al op vele plekke, 'n voorreg om daar te gewees het, en ek het al baie gesien, maar ek het nog nooit so 'n gebou gesien nie. En toe ek ingegaan het, was daar soveel mense by die deur, die polisie moes my omvat en my agterlangs uitbring, het gewag, het uitgekom vir gebed vir die siekes. En toe ek agterlangs uit is, Broer Fisher het my uitgeneem, nadat hy my deur die gebou geneem het, toe ek daar gestaan het en opgekyk het na daardie groot, kolossale gebou.

22 Ek het pas van Broer Tommy Osborn gekom. Albei daardie kêrels sê hulle het na die diens gekom en is geïnspireer. Ek dank dan die Here, omdat ek toegelaat is om 'n klein aandeel in die bediening te hê.

23 En hoe Broer Osborn, hoe hy daarheen gekom het daardie aand, en daardie maniak op die platform sien ophardloop het, om my dood te maak. En het sy arms uitgegooi, en gesê: "Ek gaan elke been in jou liggaam breek."

24 Ek het gesê: "Omdat jy die Gees van God uitgedaag het, vanaand, sal jy oor my voete val."

25 Hy het in my gesig gespoeg. Gesê: "Ek sal jou wys oor wie se voete ek sal val." En hy het sy vuis agtertoe opgelig om my te slaan.

26 En ek het gesê: "Satan, verlaat die man." Hy het omgetol, om, toe oor my voete geval. En die polisie moes hom wegrol.

27 Tommy Osborne het gesê: "As God dit vir een mens kan doen, kan Hy dit vir 'n ander doen." En so . . .

28 En Tommy Osborn, 'n moedige siel, 'n ware man! Ek was daar na sy groot plek toe en het sy groot gebou gesien.

29 Het daarheen gekom en Broer Oral Roberts gesien. Toe het hulle . . . Ek het uitgegaan, agterlangs. Hulle sou omkom en my optel. Ek het gekyk na daardie groot, kolossale gebou. Ek het gedink: "O, goeiste! Kyk na Broer Tommy, Here hoe U hom geseën het." Ek het hier gekyk en Broer Oral s'n gesien. Ek het gesê: "Dink net daaraan wat God vir een klein, nederige mens kan doen! Oral Roberts, gebore in 'n holkrans, dink ek, daar. Een ou arm seuntjie, en kan hom miljoene dollars in sy hande gee, en dinge."

Nou, Iets het vir my gesê: "Wel, wat van jou?"

30 Ek het gedink: "Wel, nee." Ek het gedink: "Kêrel, ek sou sekerlik skaam kry as een van hulle na my plek sou kom. Ek het een tikmasjien wat op die punt van 'n gebou sit. Nou, Broer Oral, het, meen ek, vyfhonderd IBM masjiene op een vloer." Ek het gedink: "Alles nog nooit eens aangeraak deur mensehande nie, *so* hoog. Ek het gedink: "O, goeiste! As hy in my plek sou

inkom, sê: 'Ek sou graag jou kantoor wou sien, Broer Branham.' Oooo!" Ek het gedink: "Ek sou my skaam." Ek het gedink: "Wel, Here, miskien—miskien kon U my nie vertrou nie. Miskien sou dit nie werk vir my om dit te wees nie." Ek het gesê: "Nee, Here, U is oneindig. U weet ek het nie soveel intelligensie nie." Ek het gedink: "Kyk wat het hulle geërf!" Ek het gedink: "Wel, ek skat ek het nie juis veel nie."

31 En Iets het gesê: "Kyk op." So ek was toe heel tevrede. Ek soek na 'n Stad Wie se Bouer en Oprigter God is.

32 Nou, ek's nie iets teen hierdie broers wat God so kon vertrou nie, maar ek—ek het hulle lief. En ek dank God oor dit wat gedoen is vir groot manne soos daardie.

33 Maar, vir my, dit sou my tot die dood toe bekommer, wel, as ek twintig-, dertigduisend dollar per dag sou hê, om 'n besigheid te bedryf. As ek genoeg kry vir my drie kinders, en my vrou, en vir my, om te eet, en 'n plek om te slaap, dis goed genoeg vir my. Dan as die Here wil hê ek moet êrens heengaan, hierdie klein, nederige plekkies, dan kan ek gaan. Miskien het Hy my so gehou, julle sien.

34 Ek sou nie die manne kon ontmoet wat hulle ontmoet nie. Ek het nie daardie intelligensie nie. Ek het nie die geleerdheid nie. So, ek gaan, bid vir Sy siek kinders, en hoop dat eendag, in die paleise Daarbo, dat ons almal weer kan ontmoet, waar ons nooit siek sal hoef te wees nie, gaan bidure meer of prediking vir sondaars nie. Tot daardie tyd toe, is ek julle broer in Christus.

35 Nou, die bande wat hier gemaak word, hulle is, julle kan hulle daar kry. Mnr. Sothmann, hier. Hulle is alreeds opgemaak. Sommer onmiddellik na die diens, kan julle hulle kry. Hoef nie vir hulle te wag nie. Hulle is net daar, julle kan hulle kry.

En, nou, bid vir my.

36 En nou, vanaand, Broer Shakarian het vir my gesê hy gaan my vroeg laat optree. Ek skat dit beteken: "kom vroeg uit." En ek—ek gaan my allerbeste doen om dit te doen. En dit synde Goeie Vrydag, en ek het gedink, vanoggend, neem . . .

37 [Broer Demos Shakarian sê: "Hoeveel wil hê Branham neem sy gewone tyd, nietemin, nie haastig wees nie?" Gemeente gee applous en sê: "Amen."—Red.] O! Dankie. Dankie. Dankie. Dankie. ["Goed. Ek wil nie hê jy moet my blameer nie."] Nee, broer. Broer Shakarian, ek het dit nie so bedoel nie. Sien? Ek . . . ["Ons wil—ons wil hê jy moet net jou tyd gebruik, Broer Branham. Ons het die hele aand hier."] Dankie. Dankie. ["Waar die Here is, daar's vrede, daar's troos, en daar's rus."] Dankie.

38 Ek, somtyds, as ek praat, as ek my woorde heel deurmekaar het, laat my net dink aan 'n storietjie wat ek eenkeer gehoor het, van 'n seuntjie. 'n Predikant het met 'n—'n laan langs aangekom, en hy het 'n seuntjie daar in'n hoekie die alfabet hoor sê: "A, B,

C, D . . . " En hy het na hom geluister. Hy het sy hande na die Hemel toe opgesteek gehad. Hy het gesê . . . Nadat hy daarmee klaar was, het hy opgestaan, sy hoed opgesit.

39 Hy het gesê: "Seun?" Het omgedraai en gekyk. Hy het gesê: "Ek's 'n prediker." Gesê: "Ek het jou gehoor, op jou knieë, jou hande omhoog gehou, die alfabet aan die opsê."

40 Hy het gesê: "Meneer," hy het gesê: "ek is grootgemaak in 'n Christelike huis. Vader en moeder het albei gesterf, skielik. Ek is weggeneem." Het gesê: "Die man by wie ek bly, is so wreed teenoor my!" Gesê: "Ek het net vir hom gebid. Ek weet nie hoe om te bid nie." Hy het gesê: "Ek het maar die hele alfabet opgesê, en gedink dalk sou God verstaan hoe om dit aanmekaar te sit."

41 So dalk dink julle net dieselfde teenoor my, dat—dat Hy dalk sal verstaan en dit aanmekaar sit op sulke wyses dat julle sal verstaan van die—van die bedoeling en die . . . wat ek in my hart het tot wat ek sê.

42 Ek was nog nooit geneig om—om verbouereerd te probeer wees tussen mense nie, omdat ek tussen mense was. Ek het net een ding wat ek sien, en dis Christus, en Hom gekruisig. Ek sien 'n Kerk wat ek liefhet, waarvoor Hy gesterf het. En ek het baie ywer vir daardie Kerk. En ek—ek doen so goed as wat ek kan om Dit te behou wat ek dink is reg in orde, in lyn met God se Woord. En nou, sien uit na eendag 'n eindelose Ewigheid te spandeer saam met julle, daar in 'n Land waar ons rondom sal sit soos wat ons vanaand het.

43 Soos ek baiekeer daarna gekyk wanneer ons ontbyte en aandetes het, en sulke dinge. Nou, ek kom uit die suide. En dis steeds "aandete" vir my. Hulle praat hier daarvan as "breakfast, lunch," en "dinner." Ek—ek kan dit nie doen nie. Nou wat word van my aandete? Sien? Ek—ek—ek net . . . Ek moet aandete hê. Dis reg. Net "lunch" te eet sal my geen goed doen nie. Ek—ek moet drie keer per dag eet.

44 Maar, toe, ek het gedink, soos ek gekyk het. Ek het hand geskud met sommige van die manne hier, bejaarde predikers wat waarskynlik in die veld was toe ek nog 'n sondaar was. En ek kyk na hulle, en ek dink aan die grys in hulle hare gesien. Ek dink: "Goeiste! Daardie mense was daar, in die stryd, voor ek nog bekeer is. Ek het geen saak om hier op die platform te staan, te praat met sulke manne soos daardie nie." Dan kyk ek daar . . .

45 Wel, al wat hulle gedoen het, hulle—hulle het geprofeteer en gesê hierdie dinge sou kom. En ek wil hê julle moet weet, broers, ek dink julle het net—julle het net die fondamentstene gelê vir die . . . en die lande gebraak.

46 Julle pinksterbroers wat hier gestaan het met 'n tamboeryn in julle hand, toe julle nie 'n kerk gehad het om na toe te gaan nie, toe die mense gelag en vrot eiers na julle gegooi het, en julle heelnag in die tronk gesit is; het mielies gebreek op die spoorlyn,

julle kinders het honger gely. God seën julle moedige siel! Julle behoort hier te wees, nie ek nie.

47 Maar julle het gesê dat daar 'n tyd sou kom wanneer hierdie dinge sou gebeur. Ek's bly julle lewe nog om dit te sien gebeur. Die helfte is nooit vertel nie. En ek—ek waardeer julle.

48 Ek kyk langs die tafel af en sien julle, verskillendes. Ek dink: "Ek mag dalk nooit weer aandete saam met julle eet hier op aarde nie. Maar eendag, wanneer die lewe alles verby is, sal ons weer aandete eet, dis reg, daar bo in die Vader se Huis, wanneer ons oor die tafel kyk en mekaar sien." Ons is nou op die slagveld. Ons moet voorthaas. Maar ek stel my net voor wat dit sal wees wanneer ek oor die tafel kyk en al die verlostes daar sien sit, reik uit en kry jou hand beet. Ons begin huil. Ons moet. Dan sal die Koning uitkom en al die trane van ons oë afvee, sê: "Moenie meer huil nie, kinders. Dis alles verby. Gaan in in die vreugdes van die Here wat vir julle voorberei is van die grondlegging van die wêreld af." Ons verskilletjies sal dan vervaag. En daar sal een groot Ewigheid wees. Ek wil Dit saam met julle deurbring.

Laat ons nou bid soos ons ons hoofde buig.

49 Ons Hemelse Vader, die groot, magtige Jehova Wat dit in die begin uitgedawer het en gesê het: "Laat daar lig wees," en daar was lig. O, dawer dit weer uit, Jehova! Werp Lig op ons paaie, vanaand. Werp Lig op U Woord. Werp Lig op die dag waarin ons lewe. Stuur die Lig. Skenk dit, Here.

50 Seën U mense oral oor die wêreld, waar herlewingsvure teen die heuwelhange brand, in die heidenland rondom die wêreld. Ons bid dat U elke God-gestuurde prediker sal seën. O God, inspireer hulle lewens. Dink net, op hierdie einste selfde oomblik, ontvang mense die Heilige Gees rondom die wêreld. Mense word genees, op hierdie oomblik, rondom die wêreld. Hoe dank ons U nie vir hierdie groot universele seëning wat moontlik gemaak is deur die dood van U Seun, sowat negentienhonderd jaar gelede, vanmiddag nie, waar ons hierdie goeie Vrydag vier.

51 Ons bid, Here, dat sy Heilige Gees nou onder ons sal kom, en ons die gedeelte van die Brood van die Lewe sal gee waaraan ons behoefte het, wat ons sal onderskraag vir die verdere reis, waar ons opsy tree uit die veld uit, vir hierdie paar dae, om te sit in die skadu van die Boom van die Lewe, om mekaar en ons gemeenskap saam te geniet. Ons dank U daarvoor. Dit was verfrissend. Nou skenk dit, weereens, vanaand Vader, en vervul ons siele.

52 Genees elke siek persoon wat hier is. Hoe dank ons U nie vir U genesing, vandag, van ons suster met daardie kort ledemaat en kort voet in daardie toestand nie. Ons is dankbaar, Here. Ons dank U. Dit toon dat die lewende God onder ons woon. Ons dank U vir die suster wat genees is van die kropgeswel aan haar keel. Ons weet dalk nog nie eens wat U alles gedoen het nie.

Dis merkwaardig, Here, om te sien hoe U dinge doen. Ons is dankbaar teenoor U.

53 Nou seën ons verder. Seën die lees van U Woord. Verberg U diensknegte nou. Besny die lippe wat sal spreek, en die ore wat sal hoor, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

54 Laat ons nou blaai vir 'n teks om te lees, of vir Skriflesing, liewer. Ek wil lees op twee plekke uit die Woord. En dit is uit Jesaja, die 53ste hoofstuk van Jesaja. Ek wil lees vanaf 1ste-1ste vers tot die 10de, tot—tot die 10de vers, liewer. En dan wil ons lees Matthéüs 11:25 en 26. Nou laat ons lees.

Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Here geopenbaar?

Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en uit die *wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.*

Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte, . . . bekend met krankheid; . . . soos een vir 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.

Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en ons smarte-dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God verslaan en verdruk was.

Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid *is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir osn genesing gekom.*

Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; . . . die HERE *het die ongeregtigheid van ons almal* oor *Hom laat neerkom.*

Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders-ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote is van *die land van die lewendes?* En *ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.* En Hy is Hy . . .

En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en daar *geen bedrog in sy mond gewees het nie.*

Maar dit het die HERE *behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het,* en *sal Hy 'n nakroos sien;* en *Hy sal die*

dou verleng, en die welbehae van die HERE *sal deur sy hand voorspoedig wees.*

55 Natuurlik, hy praat hier van Jesus, ons wonderbaarlike en wonderlike Here. Matthéüs die 11de hoofstuk, en die twintig-. . . 25ste en 26ste verse.

> En *in daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyses en verstandige mense en dit aan kinders geopenbaar het.*

Ja, Vader, ja. . .

Ja, Vader, want so was dit u welbehae.

56 Nou, as die Here wil, wil ek 'n teks hieruit neem, om net kortliks oor te praat, so gou as ek moontlik kan. En dan gaan sit om na nog meer getuienisse te luister. Ek wil hierdie onderwerp hier neem: *God Wat Hom In Eenvoud Verberg.*

57 Weet julle, God is so groot, Hy verberg Hom in eenvoud en openbaar Homself dan in dieselfde ding waarin Hy Hom verberg. En God is so groot, Hy kan Hom eenvoudig maak. Dis wat Hom groot maak. Soveel mis Hom in die eenvoud, eenvoudige maniere waarin Hy Hom verberg. Nou, ons weet dat die mens dit nie kan doen nie. Die mens kan homself nie groot genoeg maak om eenvoudig te wees nie. Sien? Nou wat God so groot maak, is omdat Hy so eenvoudig kan wees. En God openbaar Homself nie in grootheid, soos wat ons grootheid noem nie.

58 Nou, soos ons die Woord lees, en die Woord van God bestudeer, vind ons die manier uit wat God dinge doen. Hy kan nie, nooit, Sy program verander nie. Wat God sê, Hy kan nooit op Sy Woord teruggaan nie.

59 Wanneer ons enigiets doen: ek kan in hierdie jaar iets doen, ek dink: "Dit is reg." Volgende jaar of dalk volgende week, kan ek sien waar ek verkeerd is.

60 Maar God kan nie, omdat Hy oneindig is. Sy eerste besluit, as Hy ooit op die toneel geroep word, om op te tree, en hoe Hy op daardie besluit optree, dis hoe Hy elke keer moet optree wat daardie besluit weer geneem moet word. Want as Hy nie het nie; as Hy op 'n sekere manier optree oor hierdie besluit, en dieselfde onderwerp weer na vore kom, en as Hy nie op dieselfde manier optree as wat Hy die eerste keer het nie, dan het Hy die eerste keer verkeerd opgetree.

61 Daarom, as 'n mens ooit na Hom kom vir redding, en Hy hom gered het op die basis waarop Hy hom gered het, moet Hy die volgende mens op dieselfde basis red. En as 'n mens ooit na Hom kom vir genesing, en Hy daardie mens op 'n sekere basis genees het, as die volgende mens kom, moet Hy hom op dieselfde basis genees. Hy kon nie verander nie. Hy moet ewig dieselfde wees.

62 God het ’n program opgestel. Toe die mens in die begin gesondig het, destyds, het hy ’n uitweg vir homself probeer vind. Hy het vir hom ’n bedekking probeer maak, vyeblare ensovoorts. Dit het nooit gewerk nie. Maar God het ’n manier geskep dat die mens weer met Hom gemeenskap kon hou, en dit was onder die gestorte bloed van ’n onskuldige plaasvervanger. En dis die enigste manier waarop God ooit die mens ontmoet het. En dis die enigste manier waarop God ooit die mens kan ontmoet, is onder die gestorte bloed van ’n onskuldige plaasvervanger.

63 Nou, ons is hier op goeie Vrydag. En die wêreld, vandag, in die Katolieke denominasies, kruip hulle die trappies op en o, soveel verskillende maniere, waarop ons tradisies maak, en vryf beendere. “En daar’s stuk of negentien, absoluut bewese, spykers wat hulle uit die hande van Jesus geneem het,” maak hulle aanspraak. “Elke kerk het een.” En watter verskil maak dit of dit die spyker is, óf dit die kleed is, of wat dit ook al is?

64 Ons het die Heilige Gees. Dis wat Christus vir die Kerk nagelaat het, nie een of ander kleed, een of ander stuk van die kruis, een of ander spyker, of iets nie. Hy het ons ’n gedagtenis nagelaat, en dit was die Heilige Gees wat Hy vir die Kerk nagelaat het. Nou, nou, dit was wat Hy nagelaat het vir die kerk, negentienhonderd jaar gelede, hierdie middag, waar Hy op Gólgota gesterf het. Hy het beveel in die hande van—van God, Sy Gees, en Dit is teruggestuur na die Kerk op die Pinksterdag. Nou, God . . .

65 In die begin, toe die mens gesondig het, het dit die natuur van die mens getoon. Hy probeer altyd vir God wegkruip, en maak vir hom ’n manier dat hy geregverdig kan voel, ’n godsdiens. Dit was ’n godsdiens, beteken: “’n bedekking.” So hy het sy eie godsdiens probeer maak.

66 Maar God het Sy besluit geneem oor hoedat Hy die mens sou ontmoet, dit was op die gestorte bloed. En dis die enigste manier, maak nie saak hoeveel ons enige ander weg probeer nie. Dis die enigste plek wat God die mens sal ontmoet vir gemeenskap, is onder die gestorte Bloed.

67 God het Israel slegs onder die gestorte bloed ontmoet. Die enigste plek wat Israel kon aanbid was onder die gestorte bloed.

68 En, vandag, het ons organisasie probeer, het ons denominasie probeer, het ons probeer-het ons geleerdheid probeer. Ons het wetenskaplike prestasies en alles probeer, om die mens tot ’n eenheid vir gemeenskap te probeer bring. En dit het gefaal, elkeen van hulle.

69 Daar’s een plek wat die mens kan ontmoet en gemeenskap hou met God, en gemeenskap hou met mekaar. Dis onder die kruis, wanneer elke mens die Bloed van Jesus Christus aanvaar. Ek gee nie om nie, met al sy eienaardigheid, kan hy steeds uitreik

en sy hand in die volgende mens se hand plaas en hom "broer" noem, wanneer ons ontmoet by die kruis waar Jesus gesterf het.

70 Ons word 'n wetenskaplike tydperk. Alles moet bewys word, wetenskaplik. Ons lewe in die tydperk van wetenskap, soos deur die Bybel voorspel is: "swakker as wyser," soos ons . . . soos voorspel is. En ons lewe in daardie tydperk. En hoe meer ons in wetenskap delf, hoe verder raak ons van God af weg. Jy sal nooit in staat wees om God wetenskaplik te bewys nie.

71 En die hele Christelike wapenrusting is absoluut bonatuurlik. Daar's niks natuurliks nie. As jy God kan bewys, dan is daar geen nodigheid meer vir geloof nie. "Maar hy wat tot God kom, moet glo dat Hy is." Dis deur geloof. Die hele Christelike wapenrusting is geloof.

72 Dr. F. F. Bosworth, een van my eerste bestuurders, het 'n boek geskryf genaamd *Om Na Die Onsienlike Te Kyk*. Nou, baie van julle het dit gelees, ongetwyfeld. Dis'n baie goeie boek, die . . . van kyk na die onsienlike. Die Christen kyk na dinge wat hy nie sien nie.

73 Nou laat ons net die wapenrusting van die Christendom neem en kyk of dit bonatuurlik is: liefde, vreugde, vrede, geloof, lankmoedigheid, ootmoed, sagtheid, geduld. Alles is bonatuurlik. Liefde! "Gaan na die winkel toe en koop vir my vyf-en-twintig sent se liefde. Ek het dit nodig." Sien? Jy sou dit nie kon doen nie. "Koop vir my 'n dollar se vrede." Jy sou dit nie kon doen nie. Sien? Alles is bonatuurlik. Die hele wapenrusting van God is bonatuurlik. Sy Kerk is bonatuurlik. Dis nie 'n organisasie nie. Dis 'n bonatuurlike Liggaam waarin manne en vroue gebore word deur die Heilige Gees en Sy eenvoudige manier.

74 God maak dinge nie ingewikkeld nie, of soveel bidsnoere en soveel dit, en sluit hierby aan, en soveel geleerdheid, soveel teologie nie. Wel, ons kry onsself verder en verder van God af weg, die heeltyd, deur so te maak.

75 Vandag, is ons so wetenskaplik totdat ons kan sê hoeveel molekule dit vat om 'n atoom te maak, hoeveel elektrone, ensovoorts; en verdeel die atoom, en sê jou hoe dit gedoen word; maak 'n atoombom, en dan kan ons verduidelik hoe ons dit gedoen het; maar stap oor 'n grashalm wat ons nie kan verduidelik nie.

76 God, in eenvoud. God het Hom in eenvoud gemanifesteer. Hy maak Homself eenvoudig. Dis so dat die wyse nie sal verstaan nie. Jesus het gesê: "Ek dank U, Vader, U het Dit verberg vir die wyse en verstandige, en sal Dit openbaar aan kinders soos wat wil leer."

77 Moet nooit probeer om jouself op te voed tot God nie. Wanneer jy dit doen, voed jy jouself op weg van God af. Sien? God word nie geken deur geleerdheid nie. God word geken deur geloof. En die eerste keer wat die Duiwel geslaan het, was op

die opvoedkundige program, en die mens het sy gemeenskap met God verloor. Dis presies. Hy moet God ken deur geloof, nie wat hy kan verduidelik nie; deur wat hy glo, wat hy nie kan verduidelik nie. Dit, ons keer net die prentjie om.

78 Nou, vandag, is alles 'n opvoedkundige program. Ja. Ons stap bo-oor 'n eenvoudige, klein grashalmpie. Ons stuur ons kinders na Bybelskole en na kolleges toe. Nou, onthou, ek veroordeel dit nie. Ek ondersteun nie onkunde nie. Maar ek probeer julle die dwaasheid daarvan vertel. En dis daar waar ons maak . . . Jy weet daar is iets verkeerd.

79 En dis soos in my dienste. Meestal, wanneer ek dienste kry, vind ek diegene wat faal in die ander kêrel se diens. Omdat, baiekeer . . .

80 Ek het Broer Roberts dopgehou. Iemand het gesê: "Broer Roberts, Broer Branham, sal bid vir vyfhonderd terwyl jy vir drie bid." Dis reg. Sekerlik. "Hy sal twee keer soveel getuienisse kry." Sekerlik. "Vyftig maal die getuienisse." Sien? Omdat jy sal . . . Per slot van sake, dis gebaseer op die geloof van die indiwidue vir wie gebid word. Maar, diegene wat daarin faal, dan kom hulle daar na die diens toe. Omdat . . .

81 Hier, 'n dokter sit teenwoordig. As 'n dokter . . . Jy gaan na 'n dokter se kantoor, sê: "Ek's siek van my maag, en het 'n hoofpyn, ensovoorts." En daardie dokter skryf net vir jou 'n voorskriffie uit vir—vir aspirien of 'n kalmeermiddel, iets, hy het nooit daardie geval gediagnoseer nie. Hy probeer jou net uit die spreekkamer kry. Sien? Nou, as hy jou op die hart dra, en hy belang stel, sal hy daardie geval diagnoseer totdat hy die oorsaak kry.

82 En wanneer 'n man siek is, of 'n vrou, en iets het gebeur, is daar net een manier om dit korrek te kry, dis, gaan terug en vind die oorsaak. Gaan terug tot ons sien wat hulle gedoen het. In die dienste, kyk hoe staan hulle op die platform. Die Heilige Gees sê: "Tien jaar gelede was jy op 'n *sekere* plek, en het jy 'n *sekere* ding gedoen. En jy het *dit* gedoen, en *sekere*." Julle het dit gehoor, baie van julle, in die dienste. Sien? "Jy het dit gedoen. Jy moet dit eers regmaak." En dan, as hulle belowe om dit te doen, dan sal jy na vore hoor kom: "SO SPREEK DIE HERE." Teken dit aan in julle boeke. Het julle dit ooit sien faal? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Sekerlik nie. Dit doen dit nie. Dit kan nie. Wat is dit? Sien? Jy, die eerste ding, jy moet die oorsaak vind voor jy die kuur kan bewerkstellig. Jy moet die rede daarvoor vind.

83 En nou, vandag, probeer ons mense daartoe opvoed, tot die wetenskaplike benadering tot God, en jy kan dit nie doen nie. God word nie deur wetenskap geken nie, maar deur geloof ken ons God.

84 Ek sal dit sê, dat—dat 'n man kan gaan sit en kyk na 'n bos blomme, 'n ruiker, en dit dertig minute bestudeer, opreg met sy hele hart, en meer oor God weet as wat hy het as hy ken,

al die grade gehad het wat 'n Bybelskool hom kan gee, want God openbaar Homself in die blom. Ons sien dit sterf en weer opstaan, opstanding. Ons sien twee of drie verskillende kleure in dieselfde spesies blom. Waar het daardie kleur vandaan gekom? Verduidelik dit vir my. Hoe het dit daar gekom? Waarnatoe gaan dit, en hoe kom dit weer terug? Hoe moet daardie saad sterf, in verrot, en weer terugkom? God, toon Homself in eenvoud, verberg Homself dan weer in die dood, om weer Homself in die opstanding te toon. Sien? Dis net . . .

85 Jy hoef nie 'n hele klomp te weet nie. Die enigste ding wat jy moet weet, is om geloof te hê in dit waarna jy kyk, waaraan jy glo. Sien? Glo. Een uur sou dit werklik bewys, sou jou meer leer oor God as al die grade wat jy sou kon hê.

86 God is so groot, Hy kan Homself eenvoudig maak. Nou, dis wat God so groot maak, vir my, is hoe Hy Homself eenvoudig kan maak. En dit te kan doen, Self, verberg Hy Homself van die wyse en verstandige. Nou dink net daaraan. Hy verberg Homself vir die wyse mense en openbaar Hom aan die nederige mense. Die Bybel het gesê, in Jesaja 35: "Selfs 'n dwaas sal nie dwaal nie, Dis so eenvoudig." En soos wat jy Dit probeer ontsyfer, en Dit bestudeer, neem jou ontsyfering jou net van God af weg. Elke keer wat jy dit doen, raak jy net verder en verder weg. Hou op om Dit te probeer ontsyfer. Glo net wat Hy gesê het. Dis al wat Daaraan is, glo Dit net. En verberg Homself dan vir die wyse, en toon Homself aan die eenvoudige. Die mens kan nie so groot wees nie.

87 'n Mens, sodra hy vir homself 'n graad van een of ander aard bekom het, weet hy meer as die volgende kêrel. Jy kan hom niks vertel nie. Die kerke vandag, spog graag met hulle pastoor, omdat hy 'n student is van 'n *sekere-sekere* kweekskool. Hy het 'n—'n B.A., hy het 'n D.D., L.D. Wel, dit beteken nie 'n enkele ding nie. Dit beteken nie. Hy mag 'n B.A. hê, en 'n D.D., en 'n dubbel L. D., en nie eens gesplete ertjies van koffie kan onderskei nie. Dit—dit beteken nie . . . Verskoon daardie opmerking. Dit is nie 'n plek vir grappe nie, julle sien. Ek—ek bedoel dit nie. Nee, meneer. Julle moet my vergewe. Ek bedoel dit, dat dit nie 'n enkele ding Daarmee te doen het nie.

88 Jy ken God deur geloof, en dit alleen. Dit is bewys toe Jesus na die aarde gekom het, en daardie Fariseërs ensovoorts, die hoogste grade, slimste, heiligste lewende manne wat ons gehad het. Net een fout teen hulle, sou hulle genadeloos gestenig word. En Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die Duiwel; sy werke sal julle doen." Wie kan 'n vinger na hulle wys en sê?

89 Ons noem egbreuk pleeg, 'n leuen vertel, sigarette rook, tabak pruim "sonde." Die . . . Dis nie sonde nie. Dit het niks met sonde te doen nie. Dis die eienskappe van ongeloof. Daar's net een sonde, dis ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel."

Wanneer 'n mens Dit sal ontken, Dit, die Woord van God, dis die sonde net daar.

90 Jesus het gesê, toe Hy op die aarde was: "Wie kan My veroordeel van sonde? Wie kan My toon dat Ek nie alles vervul het wat oor My geprofeteer is nie? Toe Ek gekom het, was Ek veronderstel om *sekere-sekere* dinge te doen. Wie kan bewys dat Ek nie net presies gedoen het wat die Skrifte sê Ek doen nie? Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig." Sien? "Wie kan My van sonde veroordeel?"

91 Nou, daardie mense daar, o, hulle moes hulle potte en ketels was, en voor ete was, en al hierdie gewone tradisies waardeur hulle moes gaan. Maar Jesus het hulle almal veroordeel, en ter syde gestel, en vir hulle gesê hulle is duiwels. Sou jy aan so-iets kon dink?

92 Glo julle Hy sou dieselfde ding vandag in die kerke doen? Hy sou baie definitief. Ons het onsself met tradisies en dinge omgewe, totdat ons onsself in dieselfde gemors beland het as waarin ons toe was. En nou, wanneer God Homself in eenvoud toon, dan herken hulle Dit glad nie. Dis bo hulle denkwyse. Hulle het Dit al klaar geskik op die wyse wat hulle dink Dit behoort te wees, en, as Dit nie op daardie wyse kom nie, sal hulle Dit nie aanvaar nie. Dis al manier. Dis wat altyd die probleem was.

93 Onthou, die pad boontoe is ondertoe. Nou, dis reg. "Hy wat homself verneder sal verhoog word."

94 Hoe weet jy of dit, wat is boontoe en ondertoe? As die wêreld in die ruimte staan, is die Noordpool boontoe, of die Suidpool boontoe? Watter een is dit? Sien?

95 En jy sê: "O, die môrester en die aandster." Dis albei dieselfde ster. Sien? Dieselfde lig wat in die oggend gegee is, is dieselfde aandster, die wêreld het net omgedraai. Dis al. Sien? So dit is nie so ingewikkeld nie, per slot van sake. Dis net eenvoudige geloof, om God te glo. Let op. Die weg boontoe, het ek gesê, is ondertoe. Hy . . .

96 Ons moet God glo. Ons moet Sy Woord aanvaar. Ons moenie dinge probeer ontsyfer nie. Maar, net wat God ook al sê, die werklike ware Gees van God sal elke Woord van God met 'n "amen" beklemtoon. Die Heilige Gees het die Woord geskryf.

97 As die Heilige Gees die Woord geskryf het, en die Heilige Gees is in jou, hoe kan Dit sê: "Wel, Dit was vir 'n ander eeu"? Hoe kan Dit sê, wanneer Dit gesê het: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd," en jy probeer Dit plaas in een of ander eeu destyds, of een of ander eeu wat moet kom?

98 Die mens is nog steeds dieselfde. Hy dank God altyd vir wat Hy gedoen het, sien vooruit na wat Hy sal doen, en ignoreer wat Hy aan die doen is. Dis die mens presies, altyd. En hy maak

vandag net so. Hy is dit altyd. Hy, wat 'n mens is, en jy moet daaruit kom. Jy moet die gemoed wat in Christus was, in jou laat wees.

99 God wat met die mens handel, was altyd in nederigheid gewees. Hy handel nooit met mense in yslike groot teologiese terme nie. Sê vir my van een keer wat Hy ooit het. Hy doen dit nooit. Hy maak Homself eenvoudig. En die mens wil Dit gekompliseerd maak. Hy maak Homself groot, deur Homself nederig te maak.

100 Nou, wanneer 'n mens 'n bietjie geleerdheid kry, of 'n paar grade, weet hy soveel dat jy hom niks kan vertel nie. Maar as hy maar kon aanhou groot genoeg raak totdat hy homself klein kan maak, tot hy niks weet nie, dan sal dit in orde wees. Maar hy kan nie so groot word nie. Sien? Hy kan net nie so groot word nie.

101 En God is so groot. Hy is so groot dat Hy Homself nederig kan maak. Maar ons kan nie, groot, groot genoeg raak om onsself nederig te maak nie. Dis die verskil. En so verberg God Homself in nederigheid en eenvoud. En die mens, wysheid van die wêreld, kyk reg Daar bo-oor. Geen wonder nie, Jesaja het gesê: "Wie het ons berig geglo? Aan wie is die arm van die Here geopenbaar?" Jesus het gesê: "Ek dank U, Vader, van die Hemel, van die aarde, dat U Dit verberg het van die oë van die wyse en verstandige en Dit sal openbaar aan kinders, diegene wat wil leer." Nederigheid, eenvoud, let maar op hoe God Homself eenvoudig maak.

102 Kyk. Kyk na Eden. Net maar Sy Woord glo, was al wat hulle moes doen, om te lewe. Nou, God het nooit gesê, tot hierdie eerste oorsaak, dat jy soveel kollege-grade het wat jy moet hê nie. Hy het gesê: "Dit is My Woord. Glo Dit, lewe. Glo Dit nie, sterwe."

103 Nou, Eva het nooit Dit alles nie geglo nie. Sy het net een fasetjie Daarvan nie geglo nie.

104 Nou wil ek julle 'n vraag vra, broers, susters. As God dit alles laat gebeur het omdat Eva een fasetjie van die Woord nie geglo het nie, en veroorsaak het dat die mensdom gekom het by die punt waar dit is, dink julle ons sal ooit terugkom, en enige fase Daarvan nie glo nie? Dink daaraan? As God klein babatjies kon sien ly, oorloë en moeilikhede, voedsel tekorte en hongersnode, siekte en moord; en al hierdie dinge het plaasgevind, alles omdat een fasetjie van Sy Woord betwyfel is. Dink julle ons sal ooit terugkeer, en een fase Daarvan betwyfel? As dit dit alles kos, sal Hy jou ooit vry laat terugkeer, jou enige plek laat gaan, sê: "Ek doen dit nie. Ek kan Dit nie verstaan nie. Ek glo Dit in elk geval nie"? Nee.

105 Jy moet Dit alles glo, maak nie saak hoe nederig Dit lyk nie. Glo Dit, in elk geval. Sê: "Wel, ek verstaan Dit nie." Glo Dit, in elk geval. Jy's nie veronderstel om Dit te verstaan nie. Jy's veronderstel om Dit te glo. Glo Dit maar, in elk geval. Nou, dis hoe ons vandag is, dieselfde ding, daardie God.

106 Dis net soos 'n leër wat veg. Ons het spioene in Engeland. Engeland het spioene hier. Die spioene is hier en daar, die wêreld oor. Waarom? Hulle soek na ons militêre geheime. Wanneer ons een of ander soort militêre geheim kry, sodra hulle dit kan vind, vat hulle dieselfde ding, of iets, om dit teen te staan. Dis 'n oorlog.

Die grootste oorloë, wat aan die gang is, is 'n geestelike oorlog.

107 Nou, toe God geweet het dit sou gebeur, het Hy vir Sy kinders gedoen net soos die Verenigde State vir hulle leër maak. Ons gee 'n man 'n helm om te dra, omdat ons weet hy gaan dit gebruik. Ons gee hom 'n—'n graaf om in te grawe. Ons weet dis 'n groot pond, omtrent negentig pond pak op sy rug. Een of ander groentjie wat dit dra, hy is sekerlik 'n—'n swaar ding vir hom. Maar die leër weet hulle moet hom daarvoor afrig, omdat hy dit gaan nodig kry. Elke stuk toerusting, hy gaan dit nodig kry as hy aan die gevegsfront beland.

108 En dis wat ons vandag behoort te doen, vriend. Ons moet die hele Woord van God neem, want ons gaan Dit nodig kry. Ons moet elke Woord gebruik wat Daarin is. Dis SO SPREEK DIE HERE, en ons moet die volle Evangelie gebruik, Dit alles. Nou, toe God Sy Kerk verskans het, het Hy Dit verskans met die beste ding wat Hy kon vind, want dis Sy Eie kinders. En Hy het die Kerk met die Woord verskans, Sy Eie Woord. Vra hulle net om Sy Woord te glo, dis al wat dit was.

109 En Satan, met sy wysheid, het Eva daardie skans laat breek, net in een plek. Satan het erken elke deel van die Woord is reg, maar het gesê: "Sekerlik. . . " Dis al wat hy hoef te geweet het. "Sekerlik sal julle nie sterwe nie." Nou, dit was die skuiwergat. Hy het Eva agter daardie Woord uitgekry, met een klein vertwyfeling.

110 Dis presies waar hy vandag die kerk kry, dieselfde ding. Net een klein vertwyfeling bring jou na hierdie kant. En nou's daar geen manier om ooit te probeer dink dat God jou ooit sal spaar deur aan 'n kerk te behoort, aan 'n organisasie te behoort, of 'n groep, of wat dit ook al is, of enige sensasie nie.

111 Jy moet Sy Woord glo en daarvolgens optree. Reg. Daar's. . . Dis die enigste weg. Dis God se program aan die begin. Dis God se program daar deur die lewe. Dis God se program nou, is, die Kerk moet agter die Woord bly. Dis die enigste manier waarop hy, jy veilig kan bly.

112 Let op Noag in sy dae. Ons het vanmôre daaroor gepraat. In sy dae was dit 'n groot intellektuele tyd, en die mense was slim. En Noag, sy groot intellektuele eeu, het God neergedaal om die uitverkore mense te red.

113 Glo julle God het 'n uitverkore Kerk? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, Hy het. En Hy kom om daardie

Uitverkorenes te red. Die res van hulle, dis net gewone kanonvoer. Maar Hy—maar Hy weet dat daar soveel van hulle gered gaan word, omdat: "Hy hulle name geplaas het in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld." Dis presies volgens die Skrif.

114 "En die antichris, in die laaste dae, sal almal mislei wie se name nie geskryf is in daardie Boek voor die grondlegging van die wêreld nie." Die Bybel het so gesê. Die antichris, so naby, dit sal Pinkster wees, tot die letter. Sien? "Maar dit sal diegene mislei wie se name nie geskryf is in die Boek van die Lewe van die grondlegging van die wêreld af, toe die Lam geslag is nie."

115 Let op. Nou, ons vind dat, Satan, daardie groot agent, was net in staat om die kerk te kry, die eerste keer; deur hulle sy wysheid van die wêreld te laat aanvaar, en hulle te laat afwyk van gewone geloof wat God hulle gesê het om in Sy Woord te hê. Dit was sy eerste program. Hy het daar geslaag. En dit is daar waar hy dit gedoen het, elke keer. O, as ons maar kon insien dat dit dit is. En as hy jou agter daardie Woord kan uitkry, dis al wat hy hoef te doen. Jy's-jy's in sy hande net daar.

Let op, glo maar net Sy Woord, en leef.

116 Nou, Eva, Dit was nie vir haar genoeg nie. Sy moes deel van die wysheid van die wêreld hê.

117 Dis hoe ons vandag maak. Ons moet een of ander doktor, Ph.D., LL.D. hê, om ons Daarvan te vertel. Broer, as dit teenstrydig is met hierdie Woord, moet jy dit uitlos. Ek gee nie om of dit die pous van Rome, óf of dit die . . . enige hiërargie, of die aartsbiskop van Kantelberg is nie. Ek gee nie om wie dit is nie. Glo julle God se Woord. En laat elke ander woord 'n leuen wees, as enigiets teenstrydig is met die Woord.

118 Ek het hierdie een ding uitgevind. Leef volgens die Woord. As God 'n belofte maak, moet Hy daardie Woord hou. As Hy nie daardie Woord hou nie, dan is dit nie God nie.

119 Nou, God gaan die wêreld eendag moet oordeel aan een of ander standaard. Nou, as Hy dit gaan oordeel aan die standaard soos die Roomse kerk ons sê, van die kerk, watter kerk is dit dan? Daar's 'n stuk of negehonderd verskillende organisasies. Watter is dit? Die Baptiste sê hulle s'n is die standaard. Die Pinksters sê hulle s'n. Katolieke sê hulle s'n. Vir my, nie een van hulle nie.

120 Die Woord is die Waarheid. "Wie ook al een Woord sal wegneem Hiervan, of een woord Daaraan toevoeg, dieselfde sal geneem word van, sy deel, uit die Boek van die Lewe uit." Sien? Dis die Woord van God, waarvolgens God die mens sal oordeel.

121 Noag se groot geslag daar, toe hulle so slim was, God het vir hulle 'n boodskap gestuur. En toe Hy het, het Hy nooit 'n aartsengel gestuur nie. Hy het 'n boer gestuur met 'n eenvoudige, klein boodskappie, maar dit het hulle gewys. Nou, dink julle

hulle aanvaar dit? Nee. Omdat, dit te eenvoudig was. As—as dit nie so eenvoudig was nie, sou hulle dit aanvaar het. As dit een of ander groot iets was, jy hulle kon sê hoe om 'n piramide te bou wat groter was as dié wat hulle alreeds gebou het, ensovoorts, het hulle dit dalk aanvaar. Maar Hy het 'n eenvoudige man gestuur met 'n boodskap dat: "Dit gaan reën." Dit het nie aan hulle wetenskaplike geleerdheid voldoen nie. Wel, hulle kon na die hemele opskiet, met radar of iets, en bewys daar's geen water daarbo nie.

122 Maar Noag het gesê: "God het gesê daar sal water daar wees. En as God gesê het daar sal water daar wees, al is daar niks daar nie, kan Hy dit daar plaas, omdat Hy die Skepper is." Dit is dit. Maak nie saak wat enigeen sê nie, God het so gesê, en God is in staat om Sy Woord te hou. Daardie eenvoudige boodskappie het die wêreld veroordeel in sy dae, en sy huishouding gered. Dis reg. Van 'n eenvoudige, niks radikaals nie, net, eenvoudig: "Stap in die ark in." Dis al wat daar nodig was. "Glo en stap in." God het die wêreld gered deur eenvoud, het Homself so nederig getoon. Dit was. . . Wat was dit? God verberg weer van die regtige slim, geleerdes.

123 Enigeen weet dat voorvloedse mense slimmer was as wat ons vandag is, verder gevorderd in wetenskap, ensovoorts, as wat ons vandag is. Wel, hulle kan daar mummies opgrawe. En ons kan nie vandag 'n mummie hê nie. Ons sou nie 'n liggaam so kon versteen nie. Hulle het kleur gehad wat ons nie vandag kan namaak nie. Hulle het piramides gebou en sfinkse, ensovoorts, wat ons nie sou kon namaak as ons moes nie. Ons het nie die goed om dit mee te bou nie. Ons het nie die krag om dit daarbo op te lig nie. Ons sou dit nie kon bou nie, maar hulle het dit gebou. Waarom? Hulle was slimmer as wat ons is.

124 En in daardie mooi, geleerde, slim, intelligente ras mense, het God 'n boodskap gestuur, so eenvoudig, dit het hulle net tot op die bodem toe laat struikel. Hulle—hulle het dit geweier en dit verwerp. En God se geregtigheid het oordeel vereis, wat Sy boodskap verwerp het, en Hy het die wêreld veroordeel en dit onder die aarde versink, deur 'n vloed. En het Noag gered, die regverdige wat geglo het deur 'n eenvoudige boodskappie wat God gebruik het. Wat was dit? God verberg in eenvoud. O, ja. Ja, meneer. Gewoonlik, soos hulle altyd maak, het hulle dit geglo.

125 'n Ander keer, toe daar 'n tyd vir verlossing op hande was, het God 'n eenvoudige man gestuur, uit 'n eenvoudige familie. Hy het nooit 'n welbekende familie geneem nie. Moses se familie, ons vind uit dat hy net 'n eenvoudige man was, 'n gewone familie uit die stam van Levi, meen ek. En hulle het hulle uitgebring, hierdie familie.

126 Hy het Moses laat ingaan en die hoogste geleerde man in die hele land wees. Hy kon die Egiptenare wysheid leer. Hy was 'n

militêre man, word ons deur die geskiedenis vertel. Hy het al die fyner punte geken, hoe om dit te doen. En God het hom so opgelei laat word, en bewys dat jy nie kan voldoen vir God op daardie manier nie. Sy militêre, sy hele geniale verstand, al sy geleerdheid, hy het bitterlik en jammerlik gefaal daardeur. God het hom dit laat doen, hom geleerd laat wees en slim wees. En toe het dit Hom veertig jaar geneem om hom geleerd te kry, en toe veertig jaar om dit uit hom uit te slaan, voor Hy hom kon gebruik. Dis reg. Dis reg. Het hom daar aan die agterkant van die woestyn geneem en ontslae geraak van die geleerdheid wat hy gehad het.

127 O, die enigste ding wat vandag die probleem is, ons probeer altyd oppak, vir die Koms. Ons behoort leeg te maak, vir die Koms. Daar moet 'n plek wees daar. Daar moet iets wees, 'n honger. Ons probeer oortuig en trek. Ons behoort dit nie te doen nie. As 'n mens honger na God, is daar 'n plek leeg, vir Hom. Dis al. Maar, tot daar, ons kan nie God in 'n plek insmoor nie. Ons laat hom dalk ismes hê, en koues, ensovoorts, en vreemd optree. Maar dit sal beslis nie werk, totdat daardie mens, self, God wil hê nie. Ja, meneer. So ons mensgemaakte programme het geen nut nie. Kom in God s'n in. Dis presies reg. Aansluit by 'n kerk, hande skud, vorms van doop, en rituele, en—en rosekranse, ensovoorts, onsin!

128 Dis 'n geboorte. En God . . . "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want sy sal versadig word." Dis reg. Jy moet 'n leë kol hê. Wat laat mense honger?

129 Wat laat mense hier heengaan en maak soos wat hulle maak? Wat laat hierdie vroue daar op straat loop met hierdie onsedelike klere aan? Wat probeer hulle doen? Hulle probeer 'n honger stil. En waarom honger hulle? Is omdat hulle geskape is om te honger. Maar daardie honger, hoe durf enige persoon probeer om daardie heilige honger te stil wat God jou gemaak het, om na Hom te honger, en dit probeer bevredig met die dinge van die wêreld. Jy het nie die reg om dit te doen nie.

130 Hoe durf enige persoon om te probeer om bingo speletjies en danse en dinge in die kerk te sit, en sop-etes om die pastoor te betaal, en een of ander soort vleeslike vermaak, en noem jouself godsdienstig, en sulke dinge, om daardie heilige honger te stil! Wanneer, jy 'n bokamer daar behoort te hê, te bid vir die doop van die Heilige Gees om daardie gemeente mense te vervul. Jy het geen reg nie.

131 Maar Dit is te nederig. Dit voldoen nie aan jou vereistes nie. Jou geleerdheid het Daarbo uitgestyg. Sien? Jy's te slim. Jy wil die mense Daartoe opvoed. Jy wil nie 'n pastoor hê wat die Heilige Gees ken nie. Julle sou hom van julle preekstoel verjaag. Julle wil dit nie hê nie, omdat hy nie sy kaart kan toon nie. Hy kan nie wys van watter skool hy is nie. Dink julle Moses kon

dit wys? Dink julle enige van die profete kon dit wys? Kon Jesus dit wys?

132 Hulle het gesê: "Watter skool? Waar het Hy hierdie geleerdheid gekry? Vanwaar het dit gekom?" Ons het nie 'n rekord van Hom wat ooit 'n dag in Sy lewe skool toe gegaan het nie.

133 Wat van Johannes, daardie ou wollerige, haarwurm-gesig, wat so uit die wildernis kom? Sy Vader was 'n prediker, en hy het uit 'n skool gekom; hy was 'n priester. Ons het nie eens op rekord dat hy ooit skool toe gegaan het nie. Hy het in die wildernis ingegaan op nege-jarige ouderdom. Waarom? Hy het 'n belangrike taak gehad om te doen. Waarom het hy nie sy vader se beroep gevolg, net soos wat gebruiklik was vir hom om te doen nie? Wel, daardie kweekskool daar sou—sou hom in soveel besware laat beland het wat hulle gehad het: "Nou, jy weet jy moet die Messias aankondig. Nou, jy weet Broer Jones beantwoord daaraan."

134 Hy het in die wildernis ingegaan en gewag op God totdat die Here vir hom gesê het: "Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal en vertoef, Hy's die Een wat met die Heilige Gees en Vuur gaan doop." Sy bediening was te belangrik om 'n geleerdheid te kry. Dit was sekerlik. Hy moes die krag van God gehad het.

135 Nou, as jy jou geleerdheid het plus die krag van God, wonderlik, maar moenie daardie geleerdheid bo die krag van God stel nie. Sien? Waarlik.

136 Nou, ons vind uit dat Moses, nou, toe hy daar was, hy... Veertig jaar het hy homself opgelei, geweet deur sy moeder dat hy die kinders van Israel moes verlos. Hy het gedink, sekerlik, toe hy daardie Egiptenaar doodgemaak het, dat die broers dit sou verstaan, maar hulle het nie. So, deur al sy skemas, het hy misluk en treurig misluk. Maar in vyf minute, in die Teenwoordigheid van 'n brandende bos daar, het God meer in hom ingesit as wat die—as wat die kweekskool in veertig jaar daaronder gedoen het.

137 Nou, ek sal een ding toegee, wanneer jy God, van God leer, in nederigheid. Wat van 'n bos? Wat as Moses sou gesê het: "Nou, wag 'n bietjie. My geleerdheid is baie hoog. So ek dink ek sal gaan en probeer 'n paar blare bymekaar maak van daardie bos, hulle daar na die laboratorium neem, en hulle ondersoek, en kyk met watter chemikalieë dit bespuit is, om te sien of die...dit aan die brand is en nie uitbrand nie."? Sien, hy sou nooit die geheim gekry het nie. Maar hy het na Moeder Natuur goe geloop, sy skoene uitgetrek, neergekniel en Daarmee begin praat. En Dit het teruggepraat met hom. Dis die manier.

138 Moenie jouself tot iets probeer onderrig nie. Maar kom reg neer voor Jehova God, praat met Hom. Hy sal weer terugpraat met jou. Dis net hoe nederig dat dit is. "Vra, en julle sal ontvang.

Klop, dit sal oopgemaak word. Soek, en julle sal vind. Vra, en dit sal gegee word." Dis net so eenvoudig.

139 Nou, ek weet een ding, dat wanneer jy ook al God regtig vind, laat dit jou eienaardig optree. Let julle op Moses, die volgende dag, daarna. Hy het gehardloop van . . .

140 Hy het alreeds weggehardloop uit Egipte, en daar gewees, en met Sippóra getrou, en sy seuntjie gehad, Gersom. En hier was hy, alreeds vergeet van die knegskap van die mense. Maar toe God aan hom verskyn het daar in die brandende bos; die volgende dag, het hy Sippóra op 'n muil laat sit, met 'n kleinding op haar heup. En 'n wit baard, wat tot op sy middellyf hang; sy bleskop blink. En 'n staf in sy hand, gaan daarlangs. "Glorie aan God," sy oë kyk rond.

"Waarheen gaan jy, Moses?"

141 "Ons gaan af na Egipte toe, om oor te neem," 'n een-man inval.

142 O, dit sal jou snaaks laat optree, maar dis in orde. Solank jy weet watter kant toe jy gaan, is dit in orde.

"Hoe weet jy jy gaan oorneem?"

"God het so gesê." Dit handel dit af. Is so gesê: "God het so gesê."

143 "O, jy's tagtig jaar oud! As jy dit nou doen, sou jy gegaan het toe jy veertig was."

144 "Maar God het gesê: 'Gaan nou. Dit is die tyd.'" Een-man inval, gaan soontoe om dit te doen.

145 God laat jou snaaks optree, selfs al lyk jy soos 'n weerhaan wat bo-op 'n gebou staan. Maar solank as wat dit God is wat dit doen, wel, in orde. Watter verskil maak dit? Dit neem dalk deel van die Baptiste teologiese opleiding uit jou uit. Maar solank as wat God dit doen, openbaar Hy Homself in eenvoud. Daardie prediker het meer oor God geweet, met die afkom van die top van daardie huis, as geleer is al die jare wat hy skool toe gegaan het. Amen. God openbaar Homself in eenvoud, en toon Homself in krag. Amen. Verberg Homself, openbaar Homself dan. Wil sien hoe eenvoudig jy word; nie hoe slim jy kan word nie, maar hoe eenvoudig jy kan word.

146 God maak Hom in eenvoud bekend; nie in slimheid en sluheid nie. Dis van die Duiwel. Volg die opleiding. Waar het Kain se kinders, wat het van syne geword? Die Duiwel se kinders, wat het van hulle geword? Hulle het almal slim geraak, onderrigters, wetenskaplikes, ensovoorts. Volg Set se kinders: nederig, kleinboere, skaapboere, ensovoorts. Aan die einde van die wêreld, wat het gebeur? Aan die einde van die voorvloedse wêreld, wat het gebeur? Hulle is almal verlore. Hulle was ook godsdienstig. Sekerlik, was hulle. Maar, julle sien, God het

Noag gestuur, het die nederige, die eenvoudige geneem en hulle opgeneem. En Kain se kinders is vernietig.

147 Dieselfde ding is dit vandag, so skrander, slim. Sien? Dis hoe Satan Eva in die tuin van Eden mislei het. Dis hoe sy kinders gemaak het, die hele pad daarvandaan.

148 Kyk na Moab, daardie groot, mooi organisasie staan daar boop die heuwel. Goeiste, watter groot plek! Nou, geen. . . Hulle aanbid dieselfde God. Want, hulle het gegaan en hulle biskop, Bileam, gebring. Hy het daarheen gekom en sewe altare opgerig, sewe offerhandes. Dieselfde altaar, dieselfde offerhande, alles presies soos Israel gemaak het, die klein swerwer daar. En het toe hulle broer probeer vervloek, sien, om hom te weerhou daarvan om deur die land te trek. Hulle wou nie een van daardie holy-roller herlewings onder hulle mense gehad het nie. Wat het gebeur? God het net regdeur voortgegaan, in elk geval, omdat hulle beloof is om na die beloofde land te gaan, en niks sou hulle stop nie. God het met hulle gehandel. God verberg Homself in eenvoud, dis hoe Hy altyd maak, en hulle kyk dit gewoonlik mis.

149 Moses was 'n toegewyde dienskneg van Christus. En God. . . By die brandende bos, het hy meer geweet van. . . Moses het meer van God geweet toe hy daardie brandende bos verlaat het as al die veertig jaar wat hy oor Hom studeer het daar in Egipte. Ons weet dis reg.

150 In die dae van Agab, het die wêreld by so 'n punt gekom, het politiek so 'n rol gespeel, soos waaroor ons vanoggend gepraat het, totdat Agab op die toneel verskyn het. Nou, Agab was nie 'n slegte kêrel nie. Hy was net 'n louwarm, afgedwaalde Israeliet wat sy vrou hom laat rondlei het. Sy was die nek wat die hoof gedraai het.

151 En dis dieselfde ding wat ons nou net hier in hierdie Verenigde State het. Sekerlik. Ek sê nie, ons president, *so-en-so* nie. Hy mag 'n goeie man wees. Maar dis daardie ou stelsel daaragter, dis wat dit doen.

152 Hou julle dit dop. Let julle net op. Julle dink ek staan net hier iets en sê waarvan ek nie weet waarvan ek praat nie. Onthou julle wat ek vir julle gesê het. Ja, meneer. Ek raak 'n ou man. Ek het nie veel meer jare op die aarde oor nie. As Jesus lank talm, sal ek heel spoedig weg wees. Maar dit sal op band opgeneem word, en julle sal dit weer speel, en julle sal uitvind dat dit reg was. Julle lewe in die skaduwees. Daar's geen hoop oor nie, glad nie. Nou, onthou, ek weet dit, ou man wat ek is, en wat hier staan en weet dat die tyd voortsnel. En julle is—julle is klaar. Die nasie is klaar. Alles is klaar. Dis reg. En net een ding: "Red jouself van hierdie voortgaande geslag," want sy is klaar. Dis reg.

153 Agab. Daardie dag wat Isébel ingekom het, al die vroue laat optree het soos sy het, en—en ek skat die dinge waardeur sy

gegaan het, en Agab het die dinge toegelaat. En al die predikers het wêrelds geraak.

154 Maar in daardie selfde tyd het God 'n magtige man laat opstaan. Ons weet nie eens waar hy vandaan gekom het nie. Ons weet nie wie sy vader en moeder was nie. Hy het van nêrens gekom, maar hy het na die Heerlikheid gegaan. Ons weet nie wie sy vader en moeder was nie, geen dae wat hy ooit skool toe gegaan het nie. Hy was 'n man vir die wildernis. Ons weet nie hoe hy gekom het nie. Hy het sommer net vreemd op die toneel verskyn, vreemd van die toneel af verdwyn. En hy het daar aangekom, en Hy het daardie geslag geskud, met 'n eenvoudige man.

155 Wat dink julle het die teoloë van hom gedink in daardie dag? Wel, dink julle hulle het Elía aanvaar? Hulle het gesê: "Hy's 'n ou kranksinnige." Isébel het gesê: "Ek haat hom." En—en almal het hom gehaat. Maar hy het die Woord van die Here gehad vir die redding van die nasie. Maar hulle wou dit nie glo nie.

156 'n Eenvoudige soort persoon was Elía. En hy het God se doel so goed gedien, daardie eenvoudige gees was in Elía, totdat God dit, alreeds, in die ander manne gebruik het, en beloof het om dit weer in die laaste dae te gebruik. Reg, so eenvoudig, diegene wat net staan en die Waarheid praat. Hy het dit in Elisa gebruik, na hom. Het dit in Johannes die Doper gebruik. Het weer belowe, in Maleági 4: "Om die geloof van die kinders terug te bring na die Geloof van die pinkstervaders en die oorspronklike Evangelie." Hy—Hy het dit belowe, en Hy sal dit doen. Dis reg. Daardie eenvoudige gees, nie slim nie, nie intelligent nie.

157 Elía was geen geleerde nie. Hy was geen welbekende wêreldfiguur nie. Hy, ons weet nie waar hy vandaan gekom het nie. Maar hy het net insig genoeg gehad om God te glo. Eenvoudig, dit is dit, dis die soort mense wat God werk, Hom verberg. God het Homself in Elía verberg.

158 Sou jy jou kon voorstel 'n man soos Moses, 'n gewone man doen die dinge wat hy gedoen het?

159 Sou jy jou dit kon voorstel, Elía, 'n ou kêrel wat wollerig lyk met hare oral oor sy liggaam, en 'n stuk skaapvel om hom gedrapeer? Kan jy jou voorstel God neem so 'n ding, wanneer daardie priesters en—en kerklikes gestaan het met mantels om, en in hulle teologie gepoleer was, net so glad as hulle kon wees? Maar God het elkeen van hulle verbygegaan.

160 Hy doen dit altyd. Noem my een keer dat Hy dit ooit gedoen het. Nooit. Nee, meneer. Hy het die hele ding verbygegaan, om tot een of ander eenvoudige vorm te kom. Hy openbaar Homself in werke in eenvoud, werklik eenvoudig sodat elkeen Dit sal verstaan. Dis wat Hom so groot maak. Hy word eenvoudig, vereenvoudig Dit.

161 En, nou, Hy het verbygegaan. Hoewel die wêreld vol groot geleerdes was in daardie dag, maar nie een van hulle het Hy

gebruik nie. Hy het 'n eenvoudige soort kêrel gevind. Maar onthou, hierdie soort was in daardie eeu. Maar, julle sien, die gees waarin hy gekom het was te eenvoudig vir hulle geleerdheid. Hulle het Dit alreeds ontsyfer gehad, wat sou kom. Hulle was so hoogs gepoleerd dat hulle die eenvoud Daarvan misgekyk het, en loop soms Daar bo-oor, spot Daarmee.

162 Dit herinner my aan die ou spreekwoord: "Dwase sal met spykerhakskoene loop waar Engele vrees om te trap."

163 'n Mens wat die werke van God aan die gang sal sien, en weet dis die werke van God, en dit die werke van die Duiwel staan en noem, Jesus het gesê dis godslastering. "As jy 'n woord spreek teen My, die Seun van die mens, sal dit jou vergewe word. Maar wie ook al teen die Heilige Gees spreek sal hulle nie vergewe word in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie." Sien? Maar ons loop met spykerhakskoene waar Engele vrees om te trap.

164 Ons, ons is so slim. Ons is so gepoleerd. Dit, dis wat van ons Amerika word. Ons is te slim. Ons voed onsself op, weg van God af. Ons skole stuur ons predikers soos 'n broeimasjien-kuiken.

165 Het altyd jammer gevoel vir 'n broeimasjien-kuiken. Hy is uitgebroei onder kunsmatige lig. En as jy weer sien, sal hy "tjirp, tjirp" vir 'n mamma, want dis sy natuur. Maar hy het geen mamma nie. Hy is uitgebroei deur 'n broeimasjien.

166 Dis wat ek dink 'n hele lot van hierdie grade maak, 'n broeimasjien-kuiken, tjirp vir jy weet nie waarvan jy praat nie. Dis reg. Wanneer, jy 'n vorm van godsaligheid het, en daardie Woord ontken, en ontken dat die Heilige Gees nie vandag dieselfde is as wat Dit was die dag toe Dit uitgestort is met Pinkster nie.

"Hulle het gesê Dit was net vir die dissipels."

167 Jesus het gesê: "Gaan julle na die hele wêreld en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Hoe lank? "Tot die einde van die wêreld, en aan elke skepsel, hierdie tekens sal hulle volg." Sekerlik. Sê . . . Ek sal julle wys waar Hy die krag aan die Kerk gee. Wys julle my waar Hy dit weggeneem het. Dit is nie daar nie. Nee.

168 Maar, julle sien, ons raak so slim, ons voed onsself op, weg daarvan af. Ons kry teminologieë en dinge waarmee ons werk. "Wel, dis redelik, dis net dieselfde ding. Wel, kyk nou, ons het goeie geneeshere," sê ons: "vandag. Waarom het ons Goddelike genesing nodig?"

169 Kyk wat daardie goeie dokter 'n ruk gelede gesê het. Hy kom by die end van sy rol, dan vertrou hy God. Daar het jy dit. Dit is dit. Wetenskap is in orde, solank as jy in die boom klim. En wanneer jy so ver op kom, jy kan nie verder gaan nie, klim oor op die boom van geloof en hou net aan loop, sien, omdat dit-daar

is geen einde daaraan nie. "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Ja. Ja.

170 Wetenskap is in orde, sover as wat dit gaan. Jou vyf sintuie is mooi en goed, solank dit saamstem met die Woord. Maar wanneer die vyf sintuie die Woord veroordeel, kom dan weg daarvan af. Nee. Ek sou nie my gevoel glo nie, sou nie my gehoor glo nie, sou nie my sig glo nie, niks anders, as dit teenstrydig is met die Woord nie. Ek sal sê ek . . .

171 'n Kêrel het vir my gesê, 'n tyd gelede, het gesê: "Ek gee nie om hoeveel mense julle Pinksters kan bewys is genees nie. Ek glo nie daaraan nie."

172 Ek het gesê: "Sekerlik nie. Jy's 'n ongelowige. Dit was nie vir ongelowiges nie. Dis vir gelowiges." Presies. Sekerlik. Dit was nie . . . Dit is nie na ongelowiges gestuur nie. Dit is gestuur na diegene wat glo.

173 Jesus het gekom, reg in die dag van ongeloof. Het Hom nooit gestuit nie. Hy het maar net voortgepreek, ongeag. God het wonderwerke verrig, ongeag, in daardie groot geleerde wêreld.

174 Ons lewe in 'n groot geleerde wêreld vandag, verdeel atome, en maak bomme, ensovoorts, en vlieg na die maan toe, en ruimtevaarders, en alles anders rondom die wêreld. Dis waar. Ons doen dit. Dis goed.

175 Maar, steeds, is daar mense wat glo dat daardie doop van die Heilige Gees net dieselfde is as wat Dit altyd was. Hulle kan Dit nie verklaar nie, maar hulle weet hulle het Dit. Dis net al ding wat dit is. Hoef dit nie te verklaar nie, solank jy Dit het. Amen.

176 *Amen* beteken "laat dit so wees." Ek amen nie myself nie. Maar ek—ek net . . . Ek hou van die Woord. Laat dit so wees! Ek—ek weet dis waar.

177 God maak Homself so eenvoudig dat Hy sommer regoor die top van die . . . Die wyses is so slim, daardie grondboontjie-breintjie, julle weet. Hulle het dit alles uitgewerk. Jy kan hulle niks daarvan sê nie. Die wêreld kan nie opstaan, die son kan nie skyn, die wêreld kan nie draai, sonder hulle kennis daarvan nie, julle sien. Maar God beweeg sommer reg bo-oor hulle en laat hulle net daar sit. Dis hoe Hy altyd gemaak het. Ja, meneer.

178 Die hele pad van die tuin van Eden af, is die Messias voorspel wat sou kom. "Jou saad sal die slang se kop verbrysel, en sy kop sal die hakskeen verbrysel." O, goeiste! Dit is gesê. Die profete het Hom vooruitgesien, en hulle het net presies gesê wat Hy sou wees, waar Hy gebore sou word, hoe Hy gebore sou word, watter soort werk Hy sou doen, wat Sy Messiaanse teken sou wees. Die Skrif het die lyn sommer heelpad deurgetrek.

179 Maar die teoloë het dit alles uitgewerk gehad, op hulle manier, en hulle het Hom met honderd myl gemis. Maar Hy het nooit teenstrydig met die Woord gekom nie. Hy het volgens die

Woord gekom. Maar waarom het hulle Hom nie ontvang nie? Omdat Hy nie gekom het op die manier wat hulle gedink het Hy behoort te kom nie. Dis presies hoe hulle Noag misgekyk het. Dis hoe hulle Moses misgekyk het. Dis hoe hulle dit misgekyk het, regdeur die eeu.

180 Hulle sien die eenvoud van God wat iets doen nie raak nie. Sien? God verberg Homself daar. En Hy gaan sommer bo-oor die—die wyse en verstandige, omdat Hy so groot is. Sien? Vat jy twee voorwerpe wat saamkom, *so*, en wanneer hulle bymekaar verbygaan, sien julle wat ek bedoel? Dis hoe God kan maak. Hy kan so eenvoudig wees totdat Hy so ver weg van iemand kan gaan totdat hulle nie eens kan uitvind waar Hy is nie. Amen. Ek hou daarvan. Ek is bly Hy het dit so gemaak, dan kan ek—kan ek dit aanvaar. Want, is daar enige geleerdheid, sou ek nie geweet het wat om daarmee te maak nie. Maar Hy het dit so eenvoudig gemaak, mense soos ek kon dit verstaan, of dit glo. So, ek is so dankbaar daarvoor.

181 Nou, die Messias, is gesê, hoe Hy sou kom, waar Hy gebore sou word, wat Hy sou doen, wat Sy bediening sou wees, en watter tyd Hy sou arriveer. Maar, teen die tyd dat Hy aangekom het, het daardie predikers en kerklikes van daardie dag soveel tradisies gehad, en hulle het gedink net presies hoe Hy sou kom. En die Fariseër sê: "As Hy ooit kom, sal Hy 'n Fariseër wees." Die Sadduseër sê: "Onsin; nie met daardie klomp eiegeregtiges nie. Hy sal 'n Sadduseër wees." Maar toe Hy gekom het, was Hy nie een van die twee nie. Hy het nooit gevra hulle . . . God het nie moes vra hulle . . . 'n deel van hulle wysheid, hoe om Sy Seun te stuur nie.

182 Hy het dit gestuur op die wyse wat Hy gesê het Hy sou dit doen. Hy het gekom volgens . . . En Hy het gebring . . . En wanneer jy gepraat het van hulle Messias wat aangekondig word in 'n stal, oor 'n mishoop, in 'n koeistal; kon 'n gepoleerde klomp Fariseërs, eiegeregtig, hooghartige skynheiliges so-iets verwag as dat hulle Messias in 'n stal sou kom? Wel, wat was dit? Dit was Jehova, klein Jehova wat huil soos 'n baba. Kon hulle verwag daardie vreeslike Jehova, wat van Berg Sinai afgedonder het, wat die berg aan die brand gesteek het, wat die Skelfsee oopgemaak het, word 'n Baba in 'n stal? O, dit, hulle teologie kon dit nie sluk nie. Nee, inderdaad, nie hulle Messias nie.

183 Hulle het gesê: "Wanneer God die Messias stuur, ongetwyfeld, sal Hy die gange van die Hemel laat neerdaal. Hy sal 'n tienmiljoen Engele-saluut laat neerdaal. Hy sal reguit kom na die tempel wat Moses vir ons nagelaat het, of Salomo hier vir ons gebou het. En Hy sal sommer direk na hierdie tempel toe kom, en Hy sal ons net hier aanvaar. En ons hoëpriester wat ons gekies het, ons hoofman, ons staatsverteenwoordiger, of wat hy ook al is, Hy sal na hom toe kom en sê: 'Ek het gearriveer. Hier is Ek. Dit is Ek. Ek is die Messias. Herken julle My nie?

Sien, die gange sal neerdaal. Ek kom van die Hemel af.'" Dis hoe hulle dit uitgewerk gehad het.

184 Maar toe Hy kom, was Hy in 'n stal, gebore uit 'n moeder wat. . . en 'n Vader wat 'n—'n buite-egtelike agtergrond daarvan gehad het, het dit gelyk, soos hulle gedink het. Toegedraai in Sy sweetdoeke, sê hulle my, was van die juk van 'n os af, so arm. Die God wat hemele en aarde geskep het, en alles gemaak het deur Christus Jesus; en hier het die einste Skepper, God, Wat die einste hemele en aarde gemaak het, gelê in 'n stal, in 'n hoop strooi wat Hy, Self, geskape het. Die Skepper van hemele en aarde het Homself verneder, om die laagste te word. Die Hoogste word die laagste, dis wat Hom God gemaak het. Dis wat Hom gemaak het wat Hy was. Sien, Hy het Hom verneder. Die mens kon dit nie doen nie.

185 Stel jy 'n man op, gee hom 'n—'n bietjie sê in die organisasie, broer, jy kan hom nie miskyk nie. Dis al wat daaraan is. Hy's net die man! Opgeblase soos 'n padda wat haal vreet. Jy sou nie—jy sou nie iets met hom kon uitrig nie. Maar, maar, julle sien.

186 Maar, God kan Hom verneder omdat Hy so groot is. Hy oortref wat ons groot noem. Hy's aan die ander kant. En Hy's so groot dat Hy Homself nederig kan maak. "Ek dank U, Vader, van die hemele en aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige." Soos ek gesê het, ons verdeel 'n atoom en kan nie die lewe in 'n grashalm verklaar nie. Sien? Stap daaroor, die einste ding wat God verklaar. Ons loop daar bo-oor.

187 Dis dieselfde ding wat ons vandag doen. Ja, meneer. Loop *Hieroor*, wat God in lettervorm is, dis reg, en aanvaar een of ander mens se geloofsbelydenis of dogma in plaas Daarvan. Verkoop jou geboortereg vir 'n pot sop, vir 'n gewildheid, vir 'n kerk wat jou kortgeknipte hare en kortbroek sal laat dra, en jou na skemerkelkie partytjies en sulke goed stuur, en noem jouself dan 'n Christen. Skaam jou. Reg.

188 Skel nie op julle nie; maar—maar deur godvresende respek en liefde. Dis reg. Kom weg van 'n ding soos dit. Kom terug na God en Sy Bybel. Kom terug na Evangeliese Waarheid. Ja. Een of ander organisasie jou van die dinge van God af laat wegdraai? Julle moet dit nooit doen nie. Keer terug na God se eenvoudige weg. Val maar net op jou knieë en sê: "Here God, ek gee nie om wat, hoe U Dit vir my gee nie, maar ek is hier Daarvoor." Kyk wat gebeur. Wees ernstig daaroor.

189 Ernstiger om Dit te gee as wat jy is om Dit te ontvang. Jy hoef nie te wag, en wag, en wag nie. Daar's nie so-iets nie. "Terwyl Petrus nog hierdie Woorde spreek, het die Heilige Gees geval op hulle wat Dit gehoor het." Reg. Die probleem daarmee is, ons wil Dit nie genoeg hê nie. Ons is nie. Ons wil onsself nie verneder nie. Dis reg.

190 Ek het gepreek hier, nie lank gelede nie, en daar was ’n dame wat regtig vrolik geraak het, en sy het begin uitroep. Daar was ’n seun wat bofbal in die stad gespeel het. Hy het gesê: “Billy, ek het buitekant gestaan. Ek kon nie inkom nie.” Hy het gesê: “Ek het jou boodskap geniet, totdat daardie—daardie vrou begin skree het en so tekere gegaan het.” Hy het gesê: “Al daardie mense het toe begin uitroep en aangaan.” Hy het gesê: “Dit laat sommer koue rillings oor my rug loop.”

“O,” het ek gesê: “jy het dit nie geglo nie?”

Hy het gesê: “Nee.”

191 Ek het gesê: “As hulle dit nie gedoen het nie, sou dit koue rillings oor my rug laat loop het.” Sien? Ek het gesê: “Ek sou nie weet waar ek gepraat het, waaroor ek gepraat het nie.” Sien?

192 En toe het hy gesê. . . Hy was ’n bofbalfanatikas. En ek verander. . . Hy het gesê: “Wie ter wêreld het ooit van so-iets gehoor?” Het behoort aan dieselfde organisatoriese kerk waaruit ek gekom het. En hy het gesê: “Wel, nou, jou Boodskap was in orde, waaroor jy gepraat het. Maar wie kon jou hoor?”

193 Ek het gesê: “Was nie toe oor ’n ‘hoor’ nie. Die Heilige Gees was daar. Hy het al oorgeneem.” Sien? Ek het gesê: “Tyd vir my om my mond te hou wanneer Hy kom, sien, en Hy het tussen die mense gekom.”

194 Hy het gesê: “Ha-ha-ha, Billy,” gesê: “jy’s sommer ’n fanatikus. Dis al.”

195 Ek het gesê: “Wel, miskien is ek.” Ek het gesê: “As ek is, is ek een van die gelukkigste fanatici wat jy ooit gesien het.” Sien? En ek het gesê: “Ek. . . ”

Hy het gesê: “Wel, ek wil vir jou sê.” Ek het met hom begin praat.

196 Ek het gesê: “Sê my!” En die bofbalveld is nie ver van die huis af nie. Ek het gesê: “Wat in die wêreld het daar gebeur, nou die aand?”

197 Hy het gesê: “Jy moes dit gesien het!” Gesê: “Ken jy Charles Nolan? Ek sê! Drie manne op die bowwe!” En hy raak sommer heel opgewonde.

198 Ek het gesê: “Wel, julle klomp unholy-rollers, ek het nog nooit so ’n lawaai in my lewe gehoor nie.” Ek het gesê: “As ek daar was, sou ek nie veel daaroor gesê het nie. Ek sou net gestaan en kyk het.”

Hy het gesê: “Jy, nou, jy gee nie veel om vir bofbal nie.”

199 Ek het gesê: “Sekerlik nie.” Ek het gesê: “Ek gee nie om vir bofbal nie, daarom is ek nie daarin geïnteresseerd nie.” Ek het gesê: “As ek daarin geïnteresseerd was, sou ek opgetree het op die manier wat jy doen. En as jy in my God geïnteresseerd was,

en die Koms van die Here Jesus, en die krag van God, sou jy op dieselfde wyse optree wanneer die Heilige Gees in ’n gebou tref.

200 Hang af van watter soort gees wat in jou is, waarop jy voed. Jou lewe voed op iets. En ek het gesê: “Moenie ’n aasvoël wees wat die dooie karkasse van ’n ou aas op die aarde vreet nie. Voed op die Hemelse dinge, die Woord van God. Jesus het gesê: ‘Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.’” Voed op Sy Woord. [Leë kol op band—Red.]

201 Daarom toe Jesus gekom het, het hulle dit so uitgewerk gehad totdat hulle Hom so groot gehad het. Hulle kon nie sien hoe ’n groot Persoon soos hierdie ooit in ’n stal gebore kon word nie. Hulle kon nie sien hoe ’n groot Persoon soos dit ooit so eenvoudig kon wees nie.

202 Dis dieselfde ding vandag. Die mense dink dat godsdiens, Christelike godsdiens, moet ’n yslike groot kerk hê, yslike groot gebou, yslike groot miljoen-dollar-pyporrel, mooi weelderige kerkbanke.

203 Was julle al ooit in Ierland? Het julle ooit gelet op Sint Patrick, wat julle Katolieke ’n Katoliek noem? Hy was net omtrent soveel as ek is. So het julle ooit soontoe gegaan? Hy wou nie eens ’n kruis in sy plek laat hang nie. Hy het teen die Roomse kerk geprotesteer so hard hy kon. Hy wou nie eens die mense laat sit nie. Hy het hulle laat hurk op ’n stuk ou—ou plank, nie plank nie, maar ’n rots in die—in die gebou. Sy gebou staan nog daar. Hy het hulle die doop van die Heilige Gees geleer. Sint Francis, en sint . . .

204 En daardie groot vroeë hervormers en manne daar in daardie dae, hoe het hulle nie die doop van die Heilige Gees geleer nie! Hoe het Sint Martin, Irenaeus, daardie groot manne, die doop van die Heilige Gees geleer! Hulle wou nie hulle mense gemaklik laat wees, en rondsit in weelde, en dinge wat ons vandag doen nie. En tog noem ons dit ’n welvarende kerk. Die mens noem welvarendheid, soms, godsdiens.

205 Daar is gesê in Kalifornië, dat: “’n Man is nie geestelik voordat hy drie Cadillacs kan besit nie.” Na my mening is dit wanneer van God af wegraak. Dis reg. Die Pinksterkerk vandag tree sekerlik anders op as wat die vroeë Pinksterkerk het.

206 Ek het eenkeer gepraat by ’n Christen Sakemanne daar. Ek weet nie hoe hulle my ooit weer laat kom het nie. Ek skat, omdat hulle my liefhet. Maar ek—ek—ek maak nie . . .

207 En vertel hulle wat ek—ek weet die Here sê. Ek sê dit nie om slim te wees nie. As ek dit doen, behoort ek daar by die altaar te wees. Ek sê dit omdat ek hulle liefhet. Ek respekteer hulle.

208 Een aand daar, getuig voor sakemanne van die wêreld, hoeveel Cadillacs hulle het, en van hulle klein besigheid. Ek het

gesê: "Daardie manne wil dit nie hê nie. Vertel hulle van die nederigheid van Christus." Ek het gesê: "Julle verskil soveel van die vroeë Pinksterkerk. Hulle het alles verkoop wat hulle gehad het en vir die armes gegee, en het uitgegaan en die Evangelie verkondig." Ek het gesê: "Julle mense probeer sê hoeveel julle vooruitgegaan het, hoeveel julle het." Nie hoeveel jy het nie; hoeveel jy ontslae van kan raak!

209 Ek het gedink, daardie kêrel gisteraand, gepraat oor dieselfde ding. 'n Sekere klein pinksterbroer van Chicago het opgestaan. Hy het gesê: "Broer Branham, ek wil graag jou hand roep."

Ek het gesê: "Roep dit."

En hy het gesê: "Dis waar die Kerk die fout gemaak het."

Ek het gesê: "Die Heilige Gees 'n fout maak? Dit kan nie."

210 Hy het gesê: "Dit het daar. Sien, toe die vervolging ingetree het, het hulle geen tuiste gehad om heen te gaan nie."

211 Ek het gesê: "Presies die wil van God. Toe het hulle oral gegaan, die Evangelie versprei, omdat hulle geen ander plek gehad het om heen te gaan nie." Jy kan God nie klop nie. Ja, meneer. God het sommer net alles onder hulle uitverkoop, sodat hulle geen plek gehad het om heen te gaan nie, en hulle het sommer oral gaan preek, die enigste manier wat God hulle kon kry om te gaan.

212 Maar, vandag, hou ons daarvan om nes te skop, weet julle, en ons sit gemaklik. En as die pastoor enigiets sê waarvan ons nie hou nie, in die Gemeentes, dan beweeg ons oor na die Eenheid. Wanneer hy enigiets sê waarvan ons nie hou nie, wel, uiteindelik, sal ons in die Baptiste of Presbiteriaanse beland, of êrens waar ons enigiets kan doen wat ons wil. Dis . . . dis wat. Dis ons. Noem onsself dan "Christene"? Jy wil bietjie hê . . .

213 Julle stem vir julle pastoor, 'n klomp van julle, in julle kerk. En wanneer julle dit doen, wil julle die hoogsgepoleerde geleerde hê, sodat julle vir die bure kan sê: "Ons pastoor het 'n —'n doktorsgraad, ons Dr. *So-en-so*." O, goeiste! Julle—julle raak van God af weg. Julle . . .

214 God openbaar Homself in eenvoud. Luister. Dit was te veel vir daardie hoë, geleerde opvoedingsmense, opgevoede mense van daardie dag. God wat Hom in eenvoud verberg, in 'n klein Baba.

215 Let op toe hulle Hom gekruisig het, o, dit het die spyker getref. Negentienhonderd jaar gelede, vanmiddag, het hulle die Prins van die Lewe gekruisig. Toe, daardie hoëpriesters wat gewonder het, toe hulle Hom die wonderwerke sien doen het wat Hy gedoen het, en geweet het dat Hy hulle organisasies veroordeel het. Hy het hulle afgestroop. Hy het die vel van hulle

afgeskud. En Hy het vir hulle vertel hulle is niks anders as 'n klomp duiwels nie, en "Bekeer julle!" En hulle . . .

216 "God is in staat om uit hierdie klippe," het Johannes gesê: "kinders van Abraham op te wek. Moenie dink julle is God se kinders omdat julle 'n Jood gebore is nie. En so Mo- . . . Hy het gesê, hulle daar genoem "slange in die gras," en alles.

217 Toe, toe Hy daar op die kruis gestaan het, het hulle gesê: "Nou, as U die Seun van God is, as U die Seun van God is, sal U nie van die kruis afkom nie, en ons sal U glo." Sien? Dieselfde dinge. Toe hulle kon dink aan hierdie Man wat 'n wonderwerk doen, toe kon hulle dit nie ontken nie. Maar om Hom daar te sien staan, die einste God van die skepping!

218 Nou, ek weet hierdie moderne neiging vandag probeer Hom een of ander ander persoon maak. Maar Hy was geen ander persoon as God Self nie. Dis reg. Vandag, die moderne neiging het gesê: "Hy was 'n groot leermeester. Hy was—Hy was 'n profeet. Hy was 'n groot leermeester, en Hy was 'n profeet. Maar Hy was meer as 'n leermeester. Hy was meer as 'n profeeet. Hy was God, niks minder as God nie.

219 "God was in Christus, het Homself met die wêreld versoen." Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat hierdie dinge doen nie. Dis My Vader, en Hy woon in My. Dis die Vader in My." Hy was God gemanifesteer in vlees.

220 'n Vrou van 'n Christen Wetenskap is . . . Verskoon my, ek het nou nie bedoel om daardie naam te sê nie. Ek's-ek's jammer ek het dit gesê. Maar sy het vir my gesê, sy het gesê: "Mnr. Branham, ek geniet jou rede, maar," het gesê: "jy spog te veel oor Jesus."

221 Ek het gesê: "Dankie. As dit al is wat ek doen, is dit te—te jammer," het ek gesê: "dan is ek seker vir die Hemel." Ek het gesê: "Ek wens ek het omtrent 'n miljoen meer tale gehad om oor Hom te kon spog."

222 Sy het gesê: "Wel, jy maak Hom iets wat Hy nie is nie."

Ek het gesê: "Hy's alles vir my."

223 En sy het gesê: "Wel, nou, ek kan vir jou bewys . . . Jy maak Hom God."

224 Ek het gesê: "Hy was God. As Hy nie God was nie, is Hy die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het." Ek het gesê: "Hy was God. Hy's niks minder as God nie."

225 Sy Eie Bloed was God. Ons word gered deur "die Bloed van God." Hy was nie Jood nie, nóg was Hy Heiden.

226 Die manlike geslag produseer die hemoglobien. Dokter weet dit. 'n Hen kan 'n eier lê, maar as sy nie by die manlike voël was nie, sal dit nie uitbroei nie. Dis nie vrugbaar nie. Dis reg. Sien? Dit moet . . . Die bloedsel kom van die manlike geslag af.

227 En in hierdie geval, was Jehova God die manlike. Hy het 'n bloedsel in Maria geskep.

228 En julle Katolieke mense noem haar "die moeder van God." Hoe kon sy 'n moeder van God wees, en God is oneindig en Ewig? Sy was geen moeder van God nie. Sy was 'n broeikas wat God gebruik het, om Sy Seun hierheen te bring. Sekerlik.

229 Maar het gesê: "Sy was die eier?" Nee, meneer. Sy het, sy sou 'n sensasie moes gehad het, kyk wat maak jy God dan.

230 Hy was absoluut die geskapene, God, God van die skepping wat geskape word in 'n vorm van 'n Mens. Dis presies reg. En toe Hy het . . .

231 Sy het gesê: "Wel, ek kan vir jou bewys deur jou eie Bybel dat Hy niks behalwe 'n mens was nie."

Ek het gesê: "Doen dit."

232 En sy het gesê: "Toe Hy, in Johannes 11, Hy gegaan het om Lasarus op te wek." En het gesê: "Toe Hy gegaan het, het die Bybel gesê: 'Hy het geween.'" En het gesê: "Dit het gewys Hy moes sterflik wees, anders kon Hy nie ween nie."

233 Ek het gesê: "Daardie argument is dunner as die sop gemaak van die skaduwee van 'n hoender wat van honger dood is." Ek het gesê: "Moenie vir my dit probeer wysmaak nie."

234 Ek het gesê: "Ek wil jou iets sê. Toe Hy daar na die graf toe gegaan het, is dit waar, het Hy gehuil. Hy was 'n Mens, wat huil. Maar toe Hy Sy klein, tenger liggaampie saamgetrek het, gesê het: 'Lasarus, kom uit!' En 'n man, wat al vier dae dood was, op sy voete gestaan en weer gelewe het. Dit was meer as 'n mens, wat die dooie kon roep. Dit was God in Sy Seun." Presies reg.

235 Dit was waar, toe Hy daardie nag van die berg af gekom het, honger, gesoek het na iets om te eet, gekyk het aan daardie boom, en niks kon kry om te eet nie, en die boom vervloek het. Dit was God, honger. Maar toe Hy vyf broodjies en twee stukkies vis geneem het, en vyfduisend gevoed het, was dit die Skepper, God in Sy Seun. Hy was 'n . . .

236 Hy was 'n Mens wat agterop daardie skip gelê het daardie nag, toe tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink. Daardie ou skippie het rondgedobber, soos 'n prop daar. Hy was 'n Mens wat daar gelê het, aan die slaap. Krag het van Hom uitgegaan. Maar toe Hy Sy voet bo-op die rand gesit het, die skuit, opgekyk het en gesê het: "Vrede, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n Mens. Dit was God wat deur Hom gespreek het. Hy was 'n God-Mens.

237 Hulle kon dit nie sien nie. En aan die kruis, het hulle gesê: "As U die Seun van God is, red Uself," het die dief vir Hom gesê: "En as U die Messias is, kom van die kruis af. Wys vir ons. As U

die Koning van die Jode is, as U die Een is, hierdie, kom af en wys vir ons." Sien, dit sou vertoon van outoriteit wees.

238 God het Homself verneder in eenvoud, die vorm van die dood aangeneem. God, die hoogste vorm van Lewe, het die laagste geword, vervloek van lewe, 'n sondaar, om te sterf, om opstanding voort te bring. O, goeiste! God verberg Homself in dood, om Homself in opstanding te toon. God, die Hoogste vorm, Ewige Lewe, maak 'n Mens, 'n liggaam, vir Sy Eie Self om in te woon, word die laagste vorm van lewe, 'n menslike wese, vervloek deur God. En neem die vloek aan, op Homself, en sterf, verberg Homself vir daardie opgevoede geleerdes.

239 Toe die Duiwel Hom daarheen geneem het, en hulle 'n doek om Sy oë gebrind het, en Hom oor die kop geslaan het, en gesê het: "Nou, ons, hulle sê my U is 'n profeet. Profeteer U nou en sê ons wie U geslaan het. Ons sal U glo." En hulle het die stok aangegee, die een vir die ander. Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie. Toe hulle in Sy gesig gespoeg, hande vol baard uitgepluk het. Hulle het gesê: "O, as daardie . . ." Duiwel het gesê: "As dit God was, het ons Hom gehad. Dis al." O, kyk na Hom daar, nogtans. Hy was God. Toe Hy sou opgaan . . .

240 Laat ons ons kamera neem en dit terugneem na daardie donker agtermiddag, negentienhonderd jaar gelede, vanmiddag. Kyk na Hom wat die heuwel opgaan. Ek hoor 'n gestamp. Wat is dit? Dis 'n ou ruwe kruis wat teen die hang opgaan. Dit sleep die Bloedige voetspore uit van die Draer, soos dit oor daardie klippe stamp, waar dit deur die straat gegaan het.

241 Ek kyk heel oor Sy rug, daar's vlekkies oraloor daardie kleed sonder 'n soom. Die God van die Skepping dra die einste kruis wat Hy geskep het. Daar, het Emmanuel se Bloed begin wys oor die rug, in kolle. Soos Hy teen die heuwel opgaan, word daardie kolle groter en groter. Meteens, gaan hulle almal in een groot Bloedspatsel in. En hulle begin teen Sy nederige, swakke beentjies te spat. Wat was dit? Hy het Sy skouer laat sak, Sy menslike krag. Wat was dit? God, God wat Homself in eenvoud verberg. Dit was God wat daardie kruis gedra het.

242 Hier gaan Hy teen die heuwel op, struikelend, daar loop die Bloed uit Hom uit. Hy het geval. Simon het die kruis opgetel, om Hom daarmee te help.

243 Soos Hy voortgaan teen die heuwel op, het die Duiwel gesê: "Weet julle wat?" Gesê: "Ek weet nou Hy's nie God nie. Ek weet Hy's nie. Hy sou dit nooit doen nie. Ek het Hom nou. Ek het elke mens oorwin. Ek het Hom. So ek weet dit is nie God nie."

244 Toe het hy die by van die dood gestuur, om Hom te steek; en soos die by om Hom begin gons, weet julle, bye, insekte wat angels het. En dood het 'n angel. Maar, weet julle, as 'n insek ooit diep steek, trek dit sy angel uit. So as dit ooit geanker het in 'n mens, 'n gewone mens . . . as Hy maar net 'n gewone man, 'n

profeet was. Hy het al menige profeet gesteek, en hy het gesterf. Maar toe hy daardie Een gesteek het, het hy sy angel verloor. Hy het daarna geen angel meer gehad nie. God; hy het sy vlees in Emmanuel geanker, en dit het die angel uit die dood getrek.

245 'n Paar jaar later, toe hulle een van Sy apostels, die groot Paulus, wou doodmaak, het hy uitgeroep en gesê: "O, dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning? Maar dank sy aan God, Wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." Ja, meneer.

Wat was dit? God het Homself verneder. O!

246 Toe die mens gesondig het, het hy 'n groot afgrond, geplaas tussen hom en God, oorgesteek, sy weg terug, geen, gelaat. En toe het God 'n plaasvervanger geneem, 'n plaasvervanger aangebied, en dit aanvaar. As die mens dan hierdie plaasvervanger in sy plek sou aanvaar, dan kon hy weer terugkeer tot gemeenskap met God, soos ek aan die begin gesê het. En toe het mense, vir jare, te werk gegaan met die bloed van bokke en skape, en diere. Hulle kon nooit sonde wegneem nie. Dit het sonde slegs bedek.

247 Maar wat het toe gebeur? Wat het gebeur? Eendag het daar iets gekom wat sonde kon vergewe, die Bloed van Sy Eie Seun. En Hy het sonde vergewe.

248 Nou, hier nie lank gelede nie. . . Nou, ek sal nie weet nie. Daar mag wetenskaplikes hier sit. Ek gaan 'n opmerking maak. Ek gaan dit maar net iets noem. Dit beteken dit nie, glad nie. Maar ek gaan sê, ons het altyd. . . Ons kry, soos een eenvoudige druppeltjie ink. God kan Hom daarin verberg. Sien? As dit 'n druppel ink is, moes dit iets gewees het voor dit 'n druppel ink was. Laat ons kyk wat dit is.

249 Ten eerste, dis 'n druppel, 'n ink. Wat is dit? Dis chemikalieë. Ons breek dit af. Waar het dit vandaan gekom? "Wel," sê julle: "dan van sy water af." Dis H_2O, 'n formule. Dis deel daarvan.

250 Dan het dit 'n chemiese stof daarin, van kleur. Waar het die kleur vandaan gekom? Nou, daar's net een oorspronklike kleur, en dis wit. Ons weet dit. Alle ander kleure word uit wit uit gemaak. So dan, vind ons uit, hoe het dit ooit gekom? Waarvandaan het dit ooit gekom?

251 Nou laat ons dit terugvolg. Eerste wat jy weet: "Wel, wel," sê jy: "dit word 'n suur."

252 Van die suur, word dit dan wat? Volgende ding, kom dit terug: "Wel," sê jy: "dan word dit van 'n—'n lig." Wat is lig? Kom neer tot op soveel molekules.

253 En nou laat ons sê molekuul een, molekuul vier, molekuul agt, kom bymekaar, en het atoom een, maal atoom vier, maal atoom ses. Nou, as dit atoom vier maal atoom vyf was, sou dit *wit* wees. Toevallig was dit ses. Wat het dit bepaal? Waar kry ek

die chemiese stof, bymekaar, om daardie kleur te maak, swart ink? Sien? Goed.

254 Dit het alles gevorm. Waar het dit dan vandaan gekom? Dit moes van êrens anders af gekom het. Dit moes van ’n Skepper af gekom het, want dis ’n skepping. ’n Skepping moet van ’n Skepper af kom.

255 So toe het dit tot ink gekom. Dit was met ’n doel. Dit kan jou vryspraak skryf. Kon Johannes 3:16 skryf en jou siel red. En dan, ook, dit kon jou veroordeling skryf, en jou na die dodesel stuur. Dis hier met ’n doel.

256 Nou, al hierdie jare het dit geword wat dit het, bepaal deur iets, om gemaak te word tot wat dit is. Nou hoe gaan jy dit ooit weer daar terugkry?

257 Hulle het ’n stof vervaardig genaamd bleikmiddel. Julle vroue gebruik dit, Clorox. Nou, ek het ’n bak Clorox wat hier sit, en ek drup daardie druppel ink in daardie emmer Clorox. Kry nou jou kleur. Wat het daarmee gebeur? Wat het gebeur? Die eerste ding wat dit gedoen het, dit het die water getref, die Clorox getref. Daardie chemiese stof was so groot dat dit al die pad teruggestuur het. Jy kan geen dampe daarvan sien of niks anders nie. Dis weg. Dit sal nooit meer wees nie, omdat dit verander is na die oorspronklike plek vanwaar dit gekom het.

258 En nou dis presies wat die Bloed van Jesus Christus aan sonde doen. Die Bloed van Jesus Christus! Bely jou sonde op die Bloed van Jesus Christus. Dit laat weg. Dit plaas in die See van Vergetelheid, en om nie meer teen jou onthou te word nie, glad nie.

259 Nou, waar is die Kerk vandag, broers, as ons gebore is om seuns van God te wees?

260 En Jesus, Self, het gesê: “As julle eie wet gesê het julle is ‘gode,’” amateur gode met beheer oor die aarde. Hy het gesê: “As hulle diegene tot wie die Woord van God gekom het ‘gode’ noem,” wat die profete was. Die Woord van die Here kom na die profeet. “As julle hulle ‘gode’ noem, hoe veroordeel julle My,” het Hy gesê: “wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?”

261 Nou, as die bloed van bulle en bokke aan Moses ’n krag kon gee, om daarheen te gaan, deur die opdrag van God, en daardie staf uit te steek, en te sê: “Laat daar vlieë kom.” Hy het die Woord van God gehad, en hy het daardie Woord gespreek. En toe hy het, het dit van God se gedagte geword. ’n Woord is ’n gedagte wat uitgedruk word. En so toe God dit gedink het, en dit in Moses se gedagte geplaas het, en hy dit gespreek het, het dit ’n Woord geword. En Moses het omgedraai en teruggegaan, miskien nie ’n vlieg in die land nie. Binne ’n uur van toe af, begin miskien een ou brommer rondgons. Binne ’n halfuur was daar tien pond per vierkante jaart. Wat was dit? Die skeppende Woord van God wat gespreek is deur die lippe van ’n sterflike mens.

262 God gebruik mense. God kon die son gebruik het om die Evangelie te verkondig. God kon die wind gebruik het om die Evangelie te verkondig. Maar God het mense gekies om die Evangelie te verkondig.

263 Wat is die probleem met die kerk vandag? Daar's iets verkeerd. My mening, ons kom nie met daardie opregtheid nie, na die regte ding, daarvoor nie. As God dit kon doen deur die bloed van bul, bokke en bulle wat sonde slegs bedek het en 'n versoening vir die sondaar gemaak het, maar die sonde was steeds daar (net bedek), wat kan Hy doen deur die Bloed van Sy Seun wat sonde weglaat? En God het nie vervaardig nie, maar Hy het 'n Bloed geskape wat alle sonde wegneem.

264 En Markus 11:24: "Wat julle ook al sê vir hierdie berg: 'beweeg,' en nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het." Waarby is die Pinksterkerk, vandag? Amen. Julle besef nie dat belyde, waarlik belyde sonde, sonde weglaat nie. As daar geen weglating daarby is nie. . . Dit bou 'n brug oor hierdie afgrond, wat die mens terugneem in die Teenwoordigheid van Sy Skepper en hom 'n seun van God maak. Amen. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Amen. Daar is dit. "Waarlik, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: 'Beweeg,' en nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het." Glorie aan God. Dis my God wat Homself in nederigheid openbaar. Sien?

265 God neem 'n nederige sondaar en reinig hom deur Sy Bloed, en drup daardie belyde sonde in daardie Clorox-bleikmiddel van die Bloed van die Seun van God, en plaas Sy Eie Lewe in daardie mens, deur die doop van die Heilige Gees. As ons dan die egte doop van die Heilige Gees het, wat is verkeerd met ons? Toe, die tipe, toe Elía die kleed vir Elisa laat val het, het hy 'n dubbele mate daarvan gekry. Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. En groter as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader toe." Wat is verkeerd, kerk?

266 Nou, julle het ons 'n Beëlsebub genoem, oor visioene en sulke dinge. Klim van my rug af. Broer, kom daar by die kruis. Kom by die Evangelie. Ons hoef nie na te boots nie. Waarom sou julle 'n nabootsing aanvaar? Waarom sou julle een of ander valse opvatting Daarvan aanvaar? Wanneer, die hemele vol is van egte Pinksterkrag wat 'n man of 'n vrou 'n seun of dogter van God maak, wat hom terugneem in die Teenwoordigheid van God. Amen. Daar is dit. God openbaar Homself in nederigheid.

267 Julle moet van julle eie gedagtes af wegkom. Julle moet die gesindheid wat in Christus was in julle laat wees. Jy moet daar bly tot elke sonde van vrees, elke sonde van twyfel uit jou hart uitgegaan het. En as jy daar is, en God neem jou nie en laat jou

sondes weg en stuur jou in die Teenwoordigheid van God in nie, is daar iets verkeerd met jou ondervinding.

268 Ek gee nie om hoeveel grade van doktor jy het, hoe 'n groot kerk julle is, watter groot kring julle aan behoort, hoeveel organisasies, wat dit ook al is nie, het niks daarmee te doen nie, totdat jou sondes bely en in die Bloed van Jesus Christus is nie. Jy staan onvervals, 'n wedergebore seun en dogter van God, met die Lewe van God in jou, om 'n Woord van Skepping te spreek: "Laat hierdie berg beweeg word," en dit sal jou gehoorsaam. Amen.

269 God wat Homself in nederigheid openbaar. Hy tel daardie soort op wat geen geleerdheid het nie. Hy tel daardie soorte op wat dit net sal glo. "Ek dank U Vader, Skepper van hemele en aarde, U het hierdie dinge verberg vir die wyse en verstandige."

270 [Leë kol op band—Red.] " . . . geslaan en verdruk was. Maar ons het Hom gehou vir een wat geslaan en verdruk, sekerlik, deur God was. Maar ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor." Die Clorox het gekom. "Ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

271 Wat het Hy gedoen? Homself verneder tot die dood, op goeie Vrydagmiddag, dat Hy op Paassondag kon opstaan, amen, om die Heilige Gees op die Kerk terug te stuur, met 'n dubbele mate Daarvan, dat ons dieselfde dinge kan doen wat Hy doen, wat Hy gedoen het. Hy het belowe: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." En hoe ver raak ons van Hom af weg, deur ons tradisies! Daar is dit.

272 God verberg Homself in nederigheid, openbaar Homself in krag, dis hoe God dit doen. Dis God se program van dit doen, ja, meneer, dat Hy seuns oor hierdie afgrond heen kan bring.

273 Ter afsluiting, kan ek dit sê. God verberg in dood, om weer in opstanding te kom. Ek wil julle 'n storietjie vertel wat ek gelees het, nie lank gelede nie, ter afsluiting. Hulle het gesê . . .

274 Ten tye van die Eerste Wêreldoorlog, het ek my vader se ouer broers daar gehad. My neefs was in daardie oorlog. Baie van hulle het gesterf.

275 Maar op een plek, het hulle, toe, 'n—'n hele regiment soldate, Amerikaanse soldate, vasgepen gehad. Die Duitse leër het hulle vasgepen gehad. En die masjiengeweervuur, en die groot kanonne, en wat hulle ook al gehad het, mortiervuur, wat dit ook al was, het hulle vasgepen gehad. Hulle kon nie uitkom nie, en daar's geen manier om uit te kom nie.

276 Daar's 'n hele regiment soldate wat net daar omkom, omdat hulle aan elke kant was. Hulle het vliegtuie gehad. Waag nie om een op te stuur nie; skiet dit af. Probeer 'n man uitkom; wel, hulle, sommer aan elke kant. Daar was niks. Hulle goeie geskut het gefaal. Al hulle militêre strategie het gefaal. Hulle is vasgepen

deur die vyand. Daar was geen manier om uit te kom nie. Daar was niks nie.

277 Toe, uiteindelik, het een soldaatjie nadergekom. Hy het 'n duif gekry, een van daardie posduiwe. Dit was hulle enigste hoop. Hulle het 'n boodskap geskryf, en het gedink: "As hierdie duif net kan deurkom, en terug na die hoofkwartier waar dit vandaan kom, hierdie boodskap kan neem." 'n Boodskap-duif, boodskapper-duif, en dit was al ding wat hulle gehad het; 'n eenvoudige duifie. Al hulle militêre goed het gefaal. Maar hulle het 'n eenvoudige duifie gehad. Hulle het die boodskap geskryf en dit aan sy beentjie vasgemaak, en hom losgelaat, met 'n seën en 'n gebed, dat hy dit sal maak.

278 Natuurlik, die Duitsers het daardie wit duif sien opgaan. Hulle het op hom geskiet, en wat nog. Een koeël het deur sy vlerk gegaan, die vere uitgeblaas. Nog een is deur sy nek geskram, sy krop afgesny. Nog een het sy been getref wat die boodskap daaraan gehad het. Maar die arme duifie het aangehou vlieg, die boodskap probeer inbring. Hy moes. Daar was lewe op die spel. Eindelik, met sy gesukkel, en het gefladder in die lug, en gedraai, en gevlieg, en geval. En hy het geval in die barakke, of die kamp waar die soldate was.

279 Een soldaat het hom opgetel, na hom gekyk. Hierdie kêreltjie het gesê: "Hy's geskiet." Hy het oopgemaak, na sy beentjie gekyk, aan sy gewonde beentjie, en daar was 'n—'n nota. Hulle het die nota gelees. Dit was met bloed bedek. Al was dit met bloed bedek, het die boodskap deurgekom. Dit het deurgekom. Hulle het versterkings gestuur, gou, en die hele regiment soldate gered. Het die duifie nie deurgekom nie, sou al daardie manne omgekom het. Watter ramp sou dit nie gewees het nie! Dit sou 'n verskriklike ding gewees het. En dit was 'n groot ding vir daardie duifie om te doen, tog het dit sy bloed gekos. Sy bloed was op die boodskap.

280 Dit was 'n groot ding, maar nie halfpad so groot, as eendag toe sonde die seuns van God vasgepen gehad het nie. Daar was geen hoop nie. Daar was niks wat hulle kon doen nie. Alle hoop was weg. Maar daar het, nie 'n duifie nie, maar 'n Duif, gekom. Negentienhonderd jaar gelede, vanmiddag, in eenvoud, is gebore in 'n krip, gesterf aan 'n kruis, maar Hy het die Hemel bereik met die Bloed van Sy Eie Self aan die Boodskap. En Hy het die seuns van God verlos dat ons nou weer seuns van God en dogters van God kan wees, om in heiligheid en suiwerheid te leef, om in Sy Teenwoordigheid te leef. Ek is so dankbaar oor daardie Duif wat uit die Heerlikheid neergedaal het, wat daardie Boodskap geneem het, dat, ek in nood verkeer het, en Hy het Daarmee teruggevlieg Hemel toe. En Dit was vol bloed, oral, waar die sondes van die wêreld gedoen het. Maar, vandag, is ek verlos. Ek's vry. Ek's so bly.

281 En tog, die eenvoudige kan Dit verstaan. Ek is bly ek is eenvoudig genoeg om Dit te verstaan. Is julle nie bly daaroor nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is julle nie dankbaar nie? ["Amen."] God verberg Homself in eenvoud.

282 "Hy is geag geword en beskuldig. Ons het Hom geag beskuldig en geplaag. Ons het, as't ware, ons gelaat vir Hom verberg." Hy was nie die groot krygsman wat hulle gedink het Hy sou wees nie. Hy was nie'n dapper militêre man waarna hulle gesoek het nie. "Maar hulle het hulle gelaat vir Hom verberg." Hulle het hulle geskaam. "Maar, tog, is Hy ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel." Wat was dit? God wat Homself verberg in eenvoud. Jehova het Mens geword, dat Hy vir mense kon sterf; om die Boodskap terug te neem, met Sy Eie Bloed, God se vereiste, dat die prys betaal is, en ons vrygekoop is.

283 En vandag, so nederig as wat dit mag wees, hoef jy nie slim te wees nie, hoef jy nie 'n geleerdheid te hê nie. Glo net daardie Boodskap, God se Woord. En jy kan ook gered word en 'n seun van God wees, om in die Teenwoordigheid van God te staan, en die werke van God te doen.

284 Laat ons ons hoofde buig net vir 'n oomblik terwyl ons God se seën op hierdie dinge vra.

285 Ek wil julle iets vra. Vandag, soos radio's aangegaan het, en koerante. Ek het vanmôre 'n koerant gesien, waar hulle deur 'n toneel gegaan het, 'n man wat 'n kruis dra. Hulle het allerhande dinge. Op Paasoggend, sal die hele kerk met lelies versier word. Die altaar sal vol lelies gemaak wees. Die Paashaas neem die plek, die kuikens, ek wonder wat dit met Pase te doen het. 'n Haas, 'n onrein dier, in God se oë, hulle is selfs verbied om hulle te eet of aan te raak in die Bybelse tyd. En die hoender, dieselfde ding, eende. Maar tog het dit die plek van die opstanding geneem. Sinterklaas het die plek van Kersfees ingeneem. O, goeiste! Waartoe het die wêreld gekom, vriend? Waarby is ons? Sien julle waarheen ons gegaan het? Ons is reguit na die put op pad. Dis reg. Ons word vasgepen deur sonde, en geloofsbelydenisse en dogmas.

286 Maar 'n Boodskapper het deurgekom, negentienhonderd jaar gelede, vanmiddag. Die vereiste is aan voldoen. "God se Seun, gemaak in die gelykenis van sondige vlees, gebore in 'n krip. Geen gestalte dat ons Hom sou aansien nie. Hy was 'n man wat verwyt is. Ons het Hom nie aangesien nie. Ons het ons gelaat vir Hom verberg." Ons doen vandag steeds dieselfde ding.

Jy sê: "Ek sou dit nie gedoen het nie."

287 O, jou houding vandag bewys jy sou dit gedoen het. Jy doen dit nou. Sien? Sal jy nie jou weg met nederigheid neem nie? Sê: "Here God, ek gee nie om wat dit my kos nie. Ek gee nie om wat dit is nie. Ek's klaar met sonde." Ek sê nie—ek sê nie jy's sleg nie,

sê nie jy rook, drink, of enigiets nie. Maar jy glo nie die Woord nie. Sien?

288 As jy die Woord glo, sê: "Here, ek gee nie om wat dit my kos nie. Kos dit my my denominasie, of kos dit my my naaldwerkgroep, of kos dit my my klub, of kos dit my my gewildheid onder my vriende, ek gee nie om wat dit kos nie. Ek gaan die boodskap aan Gólgota aanvaar. Ek gaan nederig wees. Ek gaan myself verneder, van nou af aan."

289 "Ek weet, as ek my hare laat uitgroei," dis vroue: "sal hulle my outyds noem. Ek gee nie om wat hulle my noem nie. Ek gaan 'n dame wees. Hulle sê my ek lyk bleek en dood. Ek is dood in Christus. Ek gaan dit doen."

290 Mans: "Ek gee nie om hoeveel dogma en geloofsbelydenis hulle in my probeer inprop nie. Van nou af aan, aanvaar ek God se nederige Boodskap. Ek gaan Dit glo. Ek gaan daar bly tot my sondes weg is. Ek gaan daar bly totdat die Heilige Gees in my uitstort, geloof vir elke Woord wat geskryf is. Hy het Dit vir my belowe. En as ek daardie afgrond daaroor het, brug, deur Sy regverdige Bloed, dan kan ek as 'n seun van God staan. Ek glo die hele Evangelie. Ek gaan dit doen."

291 Sou julle dit graag wou doen? Sou julle daardie toewyding net nou wou maak? As jy wil, steek op jou hand na God. En sê: "Onthou my, Broer Branham, as jy bid. Ek wil hê God moet dit doen." God seën jou. Dis reg. Goed. Hy sien jou hand.

292 Ons Hemelse Vader, die nederigheid, ootmoed om U te glo, hoe U Uself in nederigheid openbaar! Hoedat ons in hierdie dae uitvind, en alle dae, dat die kerk homself in daardie toestand sal kry. Dan sal U sommer neerbuig in die sloot, van nêrens af nie, en iets optel, dit salf, dit uitstuur, en dit sal verwerp word, dan die wêreld daaraan oordeel.

293 God, ons sien vandag, dat, vir vyftig jaar, die kosbare Heilige Gees, Wat die mense probeer aanneem het deur dogmas, en tog het U Dit uitgebring in Sy krag en Sy manifestasie. 'n Arm, nederige klomp uitgeskopte, veragte mense het Dit aanvaar, Dit geglo. U het Uself in hulle groot gemaak, Here. En nou sien ons hulle, in 'n ander geslag, probeer kleinkinders van God word. O God, watter verskriklike ding! Mag manne en vroue vinnig vlug na die nederigheid van die Evangelie te glo. Skenk dit, Here.

294 Baie hande het vanaand hier opgegaan, baie manne en vroue. En, Here God, ek bid dat U hulle sal seën. Ek bid dat hierdie einste aand die vrede van God in elkeen van hulle harte sal vind; dat hulle so met U Gees vervul sal wees, dat hulle geloof sal hê om wonderwerke te doen, geloof om 'n godsvrugtige lewe te lei; om so 'n soete lewe te lei, dat, wanneer van hulle kwaad gepraat word, hulle nie kwaad terugpraat nie; dat hulle 'n soen kan teruggee vir 'n klap; dat hulle goed vir kwaad kan teruggee. Skenk dit, Here. Maak dat manne nederig sal wees. Maak dat

manne U kom ken in die krag van U opstanding. Mag U dood vir ons nie tevergeefs wees in hierdie geslag nie.

295 Ons bid nou dat U U Kerk sal opwek, Here. Verheerlik Dit en maak Dit groot. Stuur Dit huis toe na die Heerlikheid. Ons glo hierdie dinge Vader. Maak dat baie hier, vanaand, wat God soek, Hom vind in hierdie uur. Ons vra dit in Jesus se Naam.

En terwyl ons ons hoofde geboë hou.

296 Ek wonder nou of julle nog 'n tree daarheen sou wou maak, of julle graag sou wou opstaan en sê: "Ek skaam my nie, al behoort ek aan 'n kerk. Ek's Metodis, Baptis, of Pinkster," wat jy ook al mag wees. "Ek skaam my nie. Ek besef dat ek 'n hele klomp vertrou het op wat ek weet. Maar nooit het ek gekom tot 'n punt waar ek die volle Evangelie ten volle kon glo nie, en om dit in my lewe te laat werk nie. Ek het dinge gesien. Ek glo hulle is beloftes. Ek wil dit glo. Maar Hy het vir my gesê, as ek Dit wel glo, sal *dit* werk. So, daar's iets verkeerd met my. Dit werk nie. Ek het probeer om Dit te laat werk, maar Dit doen dit nie. En ek skaam my daaroor. En ek wil hê die wêreld moet weet, ek wil hê die mense hier moet weet, dat ek opreg is en ek wil Dit in my lewe hê. Ek wil 'n ware getuie vir Christus wees, met die volle Evangelie wat Homself daar in my lewe manifesteer." Sal jy op jou voete staan en sê: "Ek wil 'n getuie wees dat ek God soek"? God seën jou. Dis reg. Sien?

Jesus het gesê: "As julle julle vir My Naam skaam voor mense, sal Ek My vir julle skaam voor die Vader."

297 Nou, waar hierdie mense wat Pinkster, of Metodiste, of Baptiste is, hierdie ware dinge het, of julle daardie afgrond oorgesteek het, totdat julle positief weet dat julle staan in die Teenwoordigheid van God, 'n verloste seun en dogter van God? En die tekens en wonders, nie 'n skyngeloof nie, maar die egte artikel van God, die Heilige Gees, brand in jou? En wat jy vir hierdie berg sê, dit beweeg? Glo julle it? As dit nie is nie, nou is jou tyd.

298 "Hoe weet jy dat dit is my. . . " Jy sê: "Wel, ek het gestaan, tevore."

299 Wel, as jy werklik honger na God, sal jy aanhou staan tot Dit kom. Daar is geen einde daaraan nie. Jy's volhardend. Soos die Siro-finéciese vrou, sy kon "nee" nie aanvaar nie. Sy wou dit hê, regtig. Is jy gereed om te staan? Nog ander voor ons bid? Daardie pragtige lied:

Gespyker aan die kruis is Hy vir my;
Aan die kruis gekruisig, het Hy gesterf vir my.

300 "Ek wil Dit hê, Broer Branham. Ek wil Dit hê, God. Ek wil dit werklik hê. My lewe, wel, ek wil verander. Ek het—ek het 'n skat-so gelewe. Ek het 'n hoop-so gelewe. Ek wil iets hê. Ek—ek

wil Dit hê. As daardie apostels daardie nulmerk kon tref, elke slag, kan ek ook."

301 Dis wat ek sê. As Dit vir die apostels gewerk het, werk Dit nou. As dit eenmaal gebeur het, gebeur dit weer. As Hy ooit God was, is Hy steeds God. "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis my veldtog-tema. As jou denominasie dit nie glo nie, laat jou denominasie glo wat hulle wil. Glo jy die Bybel. Glo jy Dit. Sal jy staan? Omtrent nog agt of tien het toe opgestaan. God seën julle. God seën julle. Meer staan, meer staan. "Ek is regtig opreg, Broer Branham. Ek wil Dit hê."

302 Iets het nou die dag gebeur. Julle het gelees, of die band gehoor: "die sewe donderslae," *Hoe Laat Is Dit, Meneer?* Sien? Dit het nou die dag gebeur. Julle weet hierdie dinge. Die tyd is voor hande, kerk. Die tyd is voor hande. Moenie, moenie, moenie nog langer wag nie. Sien?

303 Hoe weet julle die Wegraping is nie al die tyd aan die gang nie? Voor jy weet wat, sal dit verby wees, een verdwyn *hier* en *daar*. Dit sal weg wees, voor jy jou kom kry. En jy sal . . . Oordeel sal die wêreld tref. Jy sê: "Wel, ek—ek het *dit* gedink." "Dis nou te laat."

304 Onthou, hulle het dit nie geweet tot op die dag dat hulle in die ark ingegaan het nie, en toe was dit te laat. Die dwase maagd het nie geweet totdat sy teruggekom het en gevind het die wyse maagd is weg nie, toe is sy agtergelaat vir die Verdrukkingsperiode.

305 Geen goeie leermeester glo dat die Kerk, die Bruid . . . Die kerk gaan deur die Verdrukking, maar nie die Bruid nie. Die kerk gaan deur, vir reiniging, sekerlik, onder die sesde seël. Reg. Israel doen dieselfde ding, vir die honderd-vier-en-veertigduisend, maar nie die Bruid nie. Daar's . . .

306 Die Bruid word vergewe. Sy gaan reguit na die Heerlikheid, in 'n Wegraping. Dis reg. Sy, my mening, die laaste lid sal opgeraap word, een van hierdie dae. Dit kan kom, en jy sou niks daarvan weet nie. Onthou, dis 'n geheim, geheime wegraping. "Hy sal kom in 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Jy sal niks daarvan weet nie. Sy sal weg wees; sal dan te laat wees.

307 Jy sê: "Ek wens ek het gestaan." As jy ooit van voorneme was om te staan, laat hierdie byeenkoms, by Albaquerque, laat hierdie die keer wees dat jy opstaan.

308 Nou, as jy werklik verseker voel deur Christus, jy voel dat jy die Heilige Gees het en die Bloed van Jesus Christus, is al die tekens en beloftes tot jou beskikking, en sien jy hulle gemanifesteer en werksaam in jou lewe, en weet jy hulle is waar; as jy so daar sit, en jy glo dit, sal ek jou woord daarvoor aanvaar. Dit hang van jou af. As jy dit nie doen nie, behoort jy op jou voete te wees. Maar as jy dit glo, en weet dat daardie tekens en wonders

wat Jesus, die bevestiging van die Messias, vir jou spreek; as dit nie is nie, dan behoort jy op jou voete te wees. Seën julle. Dis reg.

309 Ek is 'n vreemdeling vir baie van julle. Baie van julle het my beskou om 'n siener te wees. Ek het niks daaroor gesê nie. Julle weet dit. Ek het gehou . . . Dis nog nie die uur nie. Maar glo julle my nou. Glo julle my, as God se dienskneg. Het ek julle ooit iets gesê in die Naam van die Here behalwe wat so gebeur het? As dit so is, sê "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit het nooit gefaal nie, deur die duisende dinge, nooit een keer wat dit nie waar was nie. Julle weet dit, die wêreld vol.

310 Nogtans, verskil julle van my, baie, oor teologie. En ek is nie 'n teoloog nie. Ek spreek net wat ek hoor. En dan wanneer ek dit hoor, kyk ek na die Bybel. As dit nie volgens die Bybel is nie, sal ek dit nie ontvang nie. Maar nie een keer was dit ooit teenstrydig met die Woord nie, maar saam met die Woord. Dis waarom dit bevestig word. God bevestig.

311 Nou, luister julle dan na my. As julle glo ek is 'n—'n boodskapper gestuur van Christus af, na julle toe, glo julle my. As julle nie in die Koninkryk van God is nie, moet julle liewer net indruk.

312 Dit sal nie beter word nie. Dit sal erger word, voortdurend. Nou teken dit maar aan. Sien? Onthou net, kyk of dit reg of verkeerd is. Kyk julle of dit reg of verkeerd gaan wees. Dit gaan nie beter word nie. Dit gaan erger word. Dit gaan moeiliker word, voortdurend. Die herlewing is weg. Julle tel maar net are op in die lande. Sy is oor. Nou sê julle: "Ek verskil daarvan." Goed. Dis in orde, as jy dit doen. Dis alles reg. Dis my oortuiging. Dis wat ek van die Hemel af hoor.

313 Ek glo die Laodicése eeu is die Pinkstereeu, waar sy kom tot die punt van louwarm, en God spoeg haar uit Sy mond uit. En dis daar waar sy juis nou kom. Die Pinksterbeweging het by daardie punt gekom, louwarm, nie rooiwarm nie, nie yskoud nie. Julle is nie koud en formeel nie, ook is julle nie warm nie. Julle is in die spoegstadium, en julle gaan.

314 Jesus, die enigste eeu waar Hy aan die buitekant van die kerk gestaan het. Hulle dogmas het Hom buitekant gesit. [Broer Branham klop op preekstoel—Red.] Aan die klop, probeer terugkom by die deur in: "Kyk, Ek staan by die deur, en Ek klop; as iemand My Stem sal hoor . . . " Ek is bly julle het gehoor, vanaand.

Nou, ek kan julle net vra om te staan.

315 Hy kyk na jou. Jesus het gesê, dat: "Waar daar ook al twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde." As dit nie so is nie, is daar geen God nie; is daar geen Bybel nie; is daar geen sonsopkoms nie; is daar geen sonsondergang nie; is daar geen blomme nie; is daar geen boom nie; is jy nie werklik hier nie; is jy in 'n droom; is die lewe nie werklik nie; is jy nie 'n menslike

wese nie. So, dis onmoontlik dat dit so is, dus is dit onmoontlik vir Hom om nie hier te wees nie. "En as julle enigiets in My Naam sal vra, geloof om te glo, sal Hy dit vir julle skenk."

316 Nou, dis nou julle. Julle het gestaan as getuienis, dat julle Hom wil hê. Nou, op jou eie manier, die manier dat jy bid, die manier hoe jy wil, wil ek hê jy moet sê: "Here God," in jou hart. Nou moenie daaraan aandag gee nie. Die—die—die veldtog hier sal julle volop tyd gee hiervoor, al die tyd wat julle wil hê. ['n Broer op die platform sê: "Ja. Dis reg."—Red.]

317 Nou, op jou eie manier, op jou eie manier. Nou, ek weet dis gebruiklik dat een mens staan, die ander een staan, die ander kniel *so* neer. Maar op watter manier jy ook al wil, ek gee nie om wat dit is nie. Moenie sê: "Here, laat my *dit* doen. Laat my *dat* doen," nie. Sê net: "Here, vul my. Vul my met die Heilige Gees. Ek is opreg hieroor. Ek bedoel dit." Nou, as jy dit wel bedoel, moet Dit kom. Dis onmoontlik vir Hom om nie te kom nie. Hy het Dit belowe, en Hy probeer in jou hart in indruk.

318 Al ding, jy het maar net 'n klein bietjie oopgemaak, en sê: "Kom na die binnekant en staan *hier*, maar moenie gaan, met my privaat lewe inmeng nie." Sien?

319 Hy wil jou hê. Hy wil alles wat jy is, hê. Hy wil elke kompartement in jou hart hê. Hy wil jou privaat lewe hê. Hy wil jou hele lewe hê. Hy wil jou Here wees. *Here* is "eienaarskap." Hy wil jou besit, sodat Hy jou kan lei, jou rig, jou vat, jou gebruik. Is jy gewillig om dit te doen? As jy is, is Hy gewillig om in te kom, of jy sou nie daar gestaan het nie. Sien? So dit is nou die uur vir jou om Dit te ontvang.

320 Nou hang dit van jou af. Nou, as jy met jou hele hart sal glo, sal dit besleg wees van net nou af. Hierdie sal 'n gedenkaand wees. Hulle sal waarskynlik nie vanaand hierdie deure toemaak nie. Julle sal die hele nag hierbinne bly. Maar as jy dit wel wil hê, sê: "Here, ek staan op my voete. Tot U my vul volgens U belofte, sal ek nooit beweeg vanwaar ek staan nie." Bedoel jy dit ernstig met God, sal Hy dit ernstig bedoel met jou.

321 Maar totdat jy dit doen, is jy aan die hamer: "Here, sal U my vanaand die Heilige Gees gee? Ek voel nie enigiets nie. Wel, dalk sal ek môre-aand probeer." Jy gaan nie enigiets van God kry, op daardie manier nie.

322 Jy moet kom, desperaat, sterwend, dan kry jy Dit. Dis reg. Hy het Dit belowe. As dit nie is nie, waarvoor gebruik jy jou tyd, as daardie beloftes nie waar is nie?

323 Dis hoe hierdie dinge gebeur. Dis waarom ek kan staan en vir die wêreld sê: "Het die Woord ooit gefaal?" God het my belowe, destyds, as 'n kind. Dis waarom.

324 Sê: "Is jy nie bang vir mislukking nie?" Ek's nooit. Ek is altyd 'n mislukking. Hy is nooit.

325 Ek praat nie my woorde nie. Ek praat Syne. Dis waarom Hulle altyd reg is. Sien? Dis waarom ek die wêreld vra: "Wys my een keer dat dit nie vervul is nie. Wys my een keer, van die duisende dinge wat Hy gesê het." Nie een keer het Dit gefaal nie, en Dit sal nooit, omdat Dit God is, nie die mens nie.

326 So, God is nou hier. Christus is in ons midde. Hy's gewillig om jou die Heilige Gees te gee as jy gewillig is om Dit te aanvaar. Nie die prys te betaal nie; die prys is alreeds betaal. Die prys is bepaal hierdie . . . betaal hierdie middag, negentienhonderd jaar gelede, as jy gewillig is om dit te aanvaar. As jy is, laat vaar nou jou hart. Maak dit oop. Neem alle vrees uit, alle twyfel. Steek julle hande na God toe op, sê: "Here God, hier is ek. Ek staan hier. Ek staan in die Naam van Jesus Christus."

Ek gaan vir julle bid. Bid julle ook.

327 Here Jesus, langs die weg van nederigheid, langs die weg van ootmoed, bied ek aan U hierdie gemeente wat op hulle voete is. Ek bied hulle vir U aan, omdat hulle gestaan het in antwoord op die oproep. Hulle soek dieper dinge. Hulle soek meer Lewe, nadat gehoor is dat die Bloed van Jesus so deeglik reinig, dat daar niks meer is nie; dat die volledige Woord van God binne-in hulle rus; dat die einste bevel van hulle eie stem skeppende krag is, want in hulle is die Heilige Gees. En hierdie Heilige Gees is 'n Skepper. Hy laat dinge vervul word, want Hy spreek die Woord. En die Woord, gespreek, word God in aksie.

328 En, Here, ek bid dat U die Heilige Gees op elkeen van hulle sal stuur net nou. En lewer vir hulle, Here, in die krag van die opstanding van Christus, die dinge wat hulle in hulle hart begeer: 'n beter lewe, die doop van die Gees. Here, mag dit so wees, dat hierdie gehoor verlig sal wees, die harte van die mense die visioen sal sien en vervul sal word met die krag van God. Ek dra hulle aan U op, Here, in die Naam van Jesus Christus.

329 Hou nou net julle hande omhoog. Hou jou hoof aan die bid. Hou jou hart vervul, sê net: "Here, ek glo U."

Vul my. Vul my. Red my.
Gees van die lewende God, val opnuut op my.

330 Bring nou julle sangleier hiernatoe, om die lied: "Val opnuut op my, Heilige Gees," te lei.

331 Hou net aan: "Gee nie—gee nie om nie. Ek gaan net hier staan, Here. Ek is in U hand, soos die onregverdige regter. Ek is net hier."

[Broer Branham praat met iemand op die platform—Red.]

332 Staan maar net daar: "Ek gaan staan soos 'n standbeeld. Ek sal staan soos daardie prediker nou die aand op die dak gemaak het. Ek staan hier, Here. Ek gee nie om wie na my kyk nie. Ek gee nie om of my pastoor hier is nie. Ek gee nie om wie dit is nie. Ek is hier. Ek soek na iets. Ek wil hê iets moet met my gebeur. U

het Dit belowe. Ek is hier om Dit te ontvang. En as Dit vir ander sal werk, gaan Dit vir my werk. Ek is hier om Dit te ontvang. Ek gaan nie sit nie. Ek is vasberade."

333 [Iemand op die platform sê: "Een lied, broer. Hulle hou daarvan. Hy wil jou hierbo hê. Reg?"—Red.]

334 Dis reg. Hou net daarby. Bly net aan die bid, as jy dit regtig bedoel, as jy dit regtig bedoel. Amen. As jy dit regtig bedoel, bly net daar. Hy staan by jou. Hou net daarby: "Ek is hier, Here. Ek gaan nie beweeg nie. Ek gaan U glo. U het Dit belowe. Ek gaan nie 'n verbeelding vat nie. Ek wil die werklike Heilige Gees op my hê. Ek wil hê U moet my net nou vervul. Ek is hier, wagtend."

335 Moenie ophou nie. Hou net aan bid. Moenie jou aan die musiek steur nie. Hou net aan bid. Dis vir ons die probleem, vandag: ons luister na musiek; ons luister na een of ander ding. Ons is veronderstel om na die Stem van God te luister. Hou aan luister. Hy het Dit belowe. As Hy Dit belowe het, sal Hy dit doen. Amen.

336 Hoeveel keer het ek nie gesien nie! Die oë van twintig en dertigduisend mense gaan oop. Hoeveel keer het ek nie gesien nie! Daar in Durban, Suid-Afrika, het ek gesien vyf-en-twintigduisend uitstaande wonderwerke, op een slag. Mense staan, net soos dit, totdat hulle sewe groot lorrievragte krukke en rystoele geneem het van kombers-inboorlinge wat nie regterhand van die linker- kan onderskei nie. Het reg daar gestaan en Christus aanvaar, en weggestap; kreupel, blind, doof, stom. As Dit dit sal doen vir 'n swart Afrikaan, wat sal Dit nie doen vir jou wat veronderstel is om in 'n tyd te lewe, in 'n kerk, in 'n plek waar die Heilige Gees gemanifesteer word nie? Amen.

Verneder, verneder jouself: "Here, ek glo. Ek weet dit. Ek . . . " Kom julle.

337 Nou, daar's iets verkeerd. En daar's niks verkeerd met God nie. God het Dit belowe.

338 So help my, ek sou net hier kon staan en gaan van paadjie na paadjie, julle vertel, elkeen, waarby julle is en wat julle gedoen het. Ek sê dit in die Naam van die Here Jesus. Julle weet dis waar.

339 En ek sien julle is bang om julleself te laat gaan. Julle is bang vir iets. Daar's iets verkeerd. God maak nie 'n belofte en verbreek Dit dan nie. Dis die Waarheid, net hier, as jy Dit wil hê. Dit hang van jou af. Dis jou dood; dis jou begrafnis; dis jou uitsondering. Daar's die Woord.

340 So help my, die Heilige Gees is hier. So help my, Jesus Christus is hierbinne. Het ek julle ooit iets verkeerds gesê? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Hy's hier. Maar, daar's iets. Ek het daar gestaan, Dit dopgehou, kyk daardie Lig sirkel regoor die gebou hier, op ons, sommer heen en weer. Goeiste, goeiste!

341 Daar het jy dit. Dit is Dit. Dis die manier. Het 'n dametjie hier getref. Dis die manier. Dit het 'n ander een getref. Daar het jy dit. Daar is Dit. Nou, die tyd om Dit aan te neem is daar, terwyl Dit daar is. Sien? Glorie! Vir seker sal Dit sommige *daar* tref. Lof sy aan God! Daar het jy dit. Amen. Dit vereis dit. Daar gaan Hy, oor op iemand anders hier nou, 'n ander, 'n ander. Loof die Here! Sien?

342 Hy's Waarheid. Hy's die Weg, die Waarheid, die Lig, Lewe. Aanvaar Dit terwyl Dit op ander val. Terwyl Dit op ander is, aanvaar Dit. Dit gaan oral om, om, om in die plek, die Heilige Gees. Ek is nie opgewonde nie. Ek vertel julle die Waarheid. Glorie! Dis reg.

343 Bly net Daarby. Bly net Daarby. Bly net daar. Julle het nog nie vyf minute daar gestaan nie. Bly net daar: "U het Dit belowe, God. Ek is hier om Dit te ontvang." Goed. Daar is Dit. Reik net uit, sê: "Ek ontvang Dit. Hier is Dit, Here. Ek wil Dit hê. Ek—ek het hier gestaan. Ek's opreg. Ek bedoel dit. U het Dit vir my belowe." Amen. Glorie! Halleluja!

344 Hou net aan glo, hou aan glo. Julle het gesê julle sou my glo. Die Heilige Gees, daardie Lig, bly net rondbeweeg, oor die gebou. Wat is dit? Dit soek iemand op wat sal oopmaak. Ek vertel die Waarheid. Amen.

345 Probeer julle hande omhoog hou, en Hom prys. Sê: "Here, ek dank U. U gee my die belofte. Ek gaan aan die belofte vashou. Ek dank U, Here. Dank U."

Ek—ek kyk reguit Daarna. Prys die Here!

346 Bly net Daarby. Bly daar. "Here, ek gaan net hier bly. Ek gee nie om of dit in die oggend is nie. Ek sal net hier staan, U prys. Ek weet U gaan Dit stuur. Hierdie konvensie eindig, vanaand, en ek is hier sonder die Heilige Gees. Ek gaan hier weg vervul met die Heilige Gees, so help my. U het Dit belowe. Ek sal staan soos 'n weerhaan. Ek sal enigiets doen wat U wil hê ek moet doen. Maar, ek wil die Heilige Gees hê. Ek is vasbeslote om Dit te kry."

347 Wanneer jy ten volle oorgee, sal Hy ten volle inkom. Maar totdat jy oorgee, kan Hy nie volledig inkom nie. Gee oor. Gee jou gedagtes oor. Gee jou denke oor. Gee jou lewe oor. Gee jou alles oor. Gee jou prestige oor. Gee nou alles aan Hom oor, en Hy sal inkom en jou met die Heilige Gees vervul. Dis wat Hy hier is om te doen. Hy het alreeds twee of drie hier in die gebou getref. Daar's meer as dit, wat die Heilige Gees wil hê. Hou net aan glo. Glorie aan God! Of reg of verkeerd . . . ? . . . Verootmoedig jou eie denke. Verootmoedig jou eie maniere.

348 Bly maar net daar, sê: "Here, ek is nou net hier. As U dit aan iemand anders hierbinne gee vanaand, gaan U dit aan my ook gee. Ek—ek gaan net hier bly totdat Dit kom."

Soos jy jou stem, jou arms, jou lewe, jou alles verhef.

Kan my Verlosser hoor roep,

Hou jou hande op en sing dit vir Hom.

Ek kan hoor . . .

349 Hulle het 'n lied gesing, weet julle. "Ver . . . " As Hy jou na die Heilige Gees toe roep, gee nou oor. Gee jou alles oor.

Ek kan my Verlosser hoor roep,
"Neem jou kruis, en volg, volg My.

Nou is jy hier.

Waar Hy lei . . .

350 "Waar Hy my lei, sal ek . . . U het my so ver gelei, Here, tot op my voete. Hier staan ek."

. . . volg,
Waar Hy lei

[Broer Branham praat met Broer Shakarian—Red.]

Hy lei . . .

351 Ek het Broer Demos pas gewys. Die Engel van die Here het oorgekom. Ek het gesê: "Kyk na daardie vrou." Toe Dit oorgekom het, het sy haar hande so opgesteek. Ons het net gewys, Broer Demos het Dit gesien, soos Dit so pas verby is, na 'n vrou net hier. Ek het gesê: "Broer Demos, kan jy Dit nie sien nie? Beweeg sommer reg rond deur die gebou." Ek het gesê: "Hou Dit dop as Dit hier verbykom." Die dametjie het haar hande opgegooi.

352 Dis die dametjie wat staan, met 'n geruite iets aan. Iets het haar getref, 'n paar oomblikke gelede, en sy het haar hande opgesteek. Dit reg, dame? Sommer net hier, met haar hande omhoog, hieragter die dame met die blou rok aan. Daar is Dit. Sien? Wel, dis nie oor . . . Ek—ek kyk reguit Daarna. Nou, as ek julle ooit iets verkeerd gesê het, sê my wanneer. Dis hier.

353 Vriende, julle—julle moet wegkom van daardie gestyfde Pinkstermanier. Jy moet regtig sterf. Jy moet dit regtig bedoel. Jy—jy het iets, jy—jy het 'n gedeeltelike honger, maar nie 'n werklike honger nie. Jy moet dit opreg maak. "Terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval wat Dit gehoor het." Probeer jou oë toemaak en—en jou hoof buig. Oordink dit. Is daar iets verkeerd? "Here, neem my ongeloof weg."

354 Nou hier, met sterflike oë . . . Die Engel van die Here, Wie se foto onder ons is, is geneem deur 'n wetenskaplike bewys, dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het. Dit was Jesus, toe Hy gesterf het, begrawe is, opgevaar het terug na God.

355 Saul, op sy pad na Damaskus, is neergefel deur daardie selfde Ligkolom. Het gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

Jesus het gesê: "Ek het gekom van God, en het na God gegaan."

356 Hier is Hy, vandag, dieselfde Jesus, gesien onder ons met oë, afgeneem deur 'n kamera, gemanifesteer in die Gees. O, broer, suster, wat kan God nog doen? Die uur van genade!

357 Ek wil glo julle is opreg. Ek glo julle is, maar julle sluit julleself toe. Julle is nie opreg genoeg om Dit te ontvang nie. Ek . . .

358 So help my, Dit is reg hier in die gebou. Ek lieg nie.

359 Nou, terwyl julle julleself laat stil word net vir 'n oomblik. Het enigiemand hierbinne gevoel hulle—hulle het wel die Heilige Gees ontvang? Wuif—wuif jou hand, heen-en-weer. Ek het Dit gesien, oral rond, oor die mense. Geseënd. Geseënd. Is julle almal geseën? Amen. Twee, dis drie. Goed. Vier. Goed. Daar is vier wat die Heilige Gees ontvang het gedurende daardie storting. Vier mense het die Heilige Gees ontvang gedurende daardie tyd. Pry- . . . Prys die Here. Sien?

360 Nou, net 'n paar oomblikke gelede, het Dit beweeg. 'n Lig het van hierdie kant af gekom, teruggekom hierlangs, hierheen gegaan, en weer teruggekom. Ek het vir Broer Shakarian gesê: "Kom hier. Kom hier. Hier, hier, kyk Dit kom, net hier. Ek het Dit dopgehou terwyl Dit oorgekom het. Daar's 'n dametjie daar." En net toe ek gesê het: "Dis reg bokant daardie dametjie." Omtrent op daardie tyd, het sy haar hande opgegooi, begin skree. Daar was Dit. Sien? Het net oorgekom, het reg daar in daardie hoek ingegaan, het reg teruggekom hierlangs. Ek sien Dit nie nou nie. Sien? Dis werklik die waarheid. Ek vertel julle die waarheid. Sien? En hier is dit, sien, vier het die doop van die Heilige Gees ontvang.

361 Nou, as jy Dit wil hê, Dis joune. Dis joune as jy gewillig is om maar net oop te maak.

362 Nou jy—jy het 'n—'n—'n opvatting van wat jy behoort te doen. Jy het soort van 'n idee: "Wel, nou, as ek hier sal staan, dit." Nee, nee. Dit, dit doen dit . . . Jy kan gaan sit. Maak nie enige verskil waar jy is nie. Maar waar jy jouself sal oopstel, en dan sal die Heilige Gees tref.

363 Dan, wel, soms begin Dit jou salf, en wil jy nie sommer voortlei Daarmee nie. Jy raak bietjie benoud. Jy's bang. Jy trek terug. Gee jouself net oor, gee jouself oor aan die Heilige Gees.

364 Moenie bang wees vir fanatisme nie. As dit die Duiwel is wat optree, dink julle nie ons sal dit weet nie? Uh-huh. Ja, meneer. Hy sal nie opdaag nie. Bekommer julle nie daaroor nie. Nee. Hy—hy sal nie pla nie.

365 Gee jy jouself net oor aan die Heilige Gees. Wanneer jy voel daardie heerlike . . . Soos hierdie predikertjie gesê het, hy het daardie nag, regop gestaan, waar Iets warms oor hom gekom het.

As hy maar net geweet het hoe om homself net daar oor te gee. Dis al. Sê net: "Here Jesus, ek glo U. Ek neem U aan." Dan sal iets begin plaasvind. Sien? Bedoel dit uit jou hart uit, dan vind dit plaas. O!

366 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God sy met julle. God help julle. Ek wil hê julle . . .

367 Hoeveel hierbinne wil nog die Heilige Gees hê? Laat ons jou hand sien. Hoeveel? Een, twee, drie, vier. O, goeiste, goeiste! Nie nodig om Daarsonder te gaan nie. Daar's agt of tien hier, elf. Omtrent elf, twaalf miskien, hierbinne, het nog die Heilige Gees nodig. Laat . . . Ek weet ons raak laat, miskien nege-dertig of soiets. Maar ons het—ons het baie tyd. Ons het net baie tyd. Ons wil jou gered hê, vriend. Ons wil jou vervul hê. Onthou, jy is—jy is gered, natuurlik. Wanneer jy Christus aanvaar, is jy gered. Maar jy is nie bekeerd voordat jy die Heilige Gees ontvang nie. Nou, julle weet dit. Dis reg.

368 Jesus het vir Petrus gesê, die aand van die verraad. Hy was alreeds gered. Het gesê: "Nou, nadat jy bekeerd is, versterk jou broers." Dis reg. O, sekerlik. Jy neem Christus aan as jou Verlosser. Maar wanneer jy bekeer word, is wanneer jy werklik verander word. Dis reg. En hy was nog nie verander nie. Hy het gevloek voor die Here, en Hom verloën, en alles. Maar na sy bekering: "Nadat jy bekeer is, versterk jou broers." Dis reg. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis wat die Skrifte sê, in elk geval. Dit maak dit reg. Jesus het vir Petrus gesê, wat Hom gevolg het, en duiwels uitgewerp het, en wonderwerke gedoen het, en alles, het gesê: "Jy's nog nie bekeerd nie. Maar nadat jy bekeer is, versterk dan jou broers." Reg. Dis waar. Nou, waarom nie . . .

369 Wel, hoe sou jy so 'n—'n—'n uitnodiging soos hierdie van die hand kon wys? Dis vir jou. Ek wil jou nie hier sien weggaan Daarsonder nie, broer. Ons het dalk nooit nog 'n konvensie nie. Ons weet nie. Ons weet nie wat lê voor nie. Ons het dalk nooit nog een nie. As jy wil gaan sit, en 'n rukkie bid, dit hang van jou af. Dis wat jy ook al wil doen, of jy wil gaan sit, jy staande wil bly. Ons gaan weer bid. Doen elke dingetjie wat jy wil doen, maar ek wil hê jy moet die Heilige Gees ontvang. Nou, Dit is vir jou. Waarom sou vier Dit net hier ontvang, en die res van julle nie? Sien? Jy moet jouself net verneder, jou hart oopmaak en—en dit regtig glo.

370 Ek is dalk nie 'n goeie instrukteur hierin nie. My bediening is bid vir die siekes.

371 Waar is daar 'n Pinksterprediker hier, iemand, 'n Pinksterprediker? Steek jou hand op. Wat van *hierdie* kêrel hier, het vir die siekes gebid, een hier? Kom hiernatoe. Hier's 'n man. Ek—ek is buitenstyds gebore, in die Pinkstergeledere. Maar, hier, ek wil hê *hierdie* man hier moet vir julle bid. Ek gaan langs hom staan. God seën jou, broer.

372 [Die Pinksterbroer kom preekstoel toe, en sê aan diegene wat staan: "As julle die Heilige Gees op julle wil laat kom, steek julle hande op." Dieselfde broer praat nou ses kort sinne in 'n ander taal, en verlaat dan die preekstoel en gaan voort om in 'n ander taal te praat tussen diegene wat die doop van die Heilige Gees wil hê—Red.]

373 Wees nou eerbiedig. Hy het gegaan om hande op iemand te lê. Sien? Wees net werklik eerbiedig. Moenie—moenie rondkyk nie. Bly opkyk, opkyk, opkyk. Ons sal aanhou bid. Hou aan bid.

374 [Broer Branham praat met 'n ander broer—Red.] Kom hier, broer. Neem jy my plek in, broer, hier. Jy kan dit vir hulle verduidelik. Sien? Jy weet meer daarvan af as ek. Goed. Kom net, gee dit uit. Hulle het daarvoor gebid, en het nou altaar toe gekom. [Broer Branham praat met iemand.] Dis reg.

375 [Broer Branham praat met 'n ander broer wat na die preekstoel toe gekom het—Red.] Goed, meneer. God seën jou. Nou, jy weet beter as ek hoe om dit te doen. Ek gaan hier staan en bid. Jy kan hulle nog instruksies gee. En . . .?. . .

God Wat Hom In Eenvoud Verberg AFR63-0412E
(God Hiding Himself In Simplicity)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 12 April 1963, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale byeenkoms by die Western Skies Motel in Albuquerque, New Mexico, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org